

BYLAAG 1 (By punt 5.1 van Leerstellige en Aktuele Sake)

ONS CHRISTELIKE GELOOF EN DIE WETENSKAP

INLEIDING

Ons het hier duidelik met twee sake te doen wat in verband met mekaar staan, of wat ons in verband met mekaar wil beskou. Aan die eenkant het ons “Ons Christelike Geloof” en aan die ander kant “die Wetenskap.” Voordat ons saam dink oor hoedat hierdie twee met mekaar in verband staan, sal dit verhelderend wees om eers *Christelike Geloof en Wetenskap* afsonderlik duideliker te definieer – of te omskryf – anders praat mense maklik by mekaar verby. Dit kan maklik gebeur dat terwyl ons dink, aanvaar, of aanneem dat almal met hierdie begrippe dieselfde verstaan, dit heel dikwels nie so is nie. Wat dan hierdie andersins interessante gesprek onnodig kompliseer.

Die volgende onderwerpe gaan nou hier hanteer word:

1. Ons Christelike Geloof.
2. Die (moderne) Wetenskap.
3. Die Bybel
4. Die Ou Testament: Genesis 1-2 as voorbeeld
5. Die Nuwe Testament: Markus 5:1-21 as voorbeeld
6. Belydenisskrifte: Artikel 12 van die NGB as voorbeeld

Blaai om vir lekker lees!

1. ONS CHRISTELIKE GELOOF:

Ons: Die “Ons” is 'n persoonlike aanduiding. Dit gaan duidelik hier nie om 'n algemene beskouing of oortuiging van alle mense oor wat hulle glo nie, maar 'n spesifieke groep mense wat in 'n spesifieke tyd en plek woon. In hierdie geval is dit NG Kerk-lidmate wat aan die begin van die 21ste eeu hoofsaaklik in Suidelike-Afrika woon – maar natuurlik ook elders in die wêreld, waar ook al ons lidmate hulleself bevind.

CHRISTELIKE GELOOF:

Ons “Christelike Geloof” het 'n bepaalde oorsprong (geskiedenis) en inhoud (tradisie) wat 'n mens sou kon terugvoer na die heel oudste Christelike geloofsbelydenisse, soos die Apostoliese Geloofsbelydenis (*Apostolicum*), die geloofsbelydenis van Nicea en Athanasius. Ons verwys na hierdie belydenisse as die ekumeniese geloofsbelydenisse, wat vroeg na die ontstaan van die Christelike geloof (na die tyd van Jesus) geleidelik tot stand gekom het – sommige selfs nog voor die Bybel as geskryf soos ons dit vandag ken, finale beslag gekry het. Dit is *ekumenies* omdat alle hoofstroom Christelike tradisies (byvoorbeeld die Roomse Katolieke Kerk, die Protestantse Kerke, Grieks-Ortodokse Kerke) op een of ander manier hulle Christelike oortuiging hierheen terugvoer.

'n Mens sou kon sê dat die Christelike geloof in hierdie geskryfte hulle beskouing oor God baie spesifiek aandui as 'n geloof in 'n Drie-Enige God. Ons Christelike beskouing oor God is dus onderskeidend en **baie spesifiek 'n geloof in 'n Drie-Enige God wat sigself as Vader, Seun en Heilige Gees** in die geskiedenis bekendstel. Ons word dus daartoe opgeroep om nuweling (bekeerlinge tot hierdie geloof) te doop in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees (Matteus 28:19). Hoewel hierdie Drie-Enige God vir ons onbegryplik is en dit dus moeilik is om 'n duidelike konsep / begrip van Hom te hê, is dit ons oortuiging dat Hy Homself aan ons openbaar het as God die Vader, die Skepper van alle dinge; as God die Seun, in Jesus van Nasaret as ons Verlosser; en as God die Heilige Gees, wat in ons as individue, maar veral ook gesamentlik in ons as gemeente/kerk woon – die gemeenskap van die gelowiges.

GEREFORMEERDE GELOOF:

Ons sou ons beskouing oor God selfs nog meer spesifiek kon beskryf wanneer ons onself Gereformeerde Christene noem. In die loop van die 16de en 17de eeu het met die Protestantse Beweging (Hervorming) 'n nuwe groepering van die Christelike Kerk in Europa tot stand gekom. 'n Deel daarvan het ontwikkel en gegroei in wat uitgeloop het op die aanvaarding van die *Drie Formuliere van Enigheid* (die Heidelbergse

Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls) by die eerste Gereformeerde sinode in 1618/19 in Dordrecht, Nederland. Teenoor die Rooms-Katolieke Kerk van destyds is met die aanvaarding van hierdie belydenisskrifte klem gelê op die vyf sogenaamde *solas*, te wete: *sola gratia* (alleen deur genade), *sola fidei* (alleen deur geloof), *solus Christus* (slegs deur Christus), *sola scriptura* (die Bybel alleen), *Soli Deo Gloria* (aan God alleen die eer). Dit was verstaan as 'n troos-Ewangelie. Ons kan onself nie red nie. Nie deur ons werke of enige verdienste nie. Alleen God kan dit doen deur ons in Christus Jesus te verlos. Die ellende waaruit ons verlos moet word, was nie eng gesien as slegs persoonlike sonde(s) nie, maar 'n bevryding uit die ellende (*misère*) van die lewe self – om dan 'n dankbare lewe te kan lei tot eer van God. Die diepste troos is dat ons nie aan onself behoort nie, maar aan ons getroue Verlosser en Saligmaker, Jesus Christus.

As ons dus vandag as Gereformeerde Christene verwys na *Ons Christelike Geloof*, sou 'n mens in die beskrywing hierbo iets kon verstaan van die identiteit van ons geloof, ons godsdiens. Ons verstaan ook dat, omdat ons 'n dinamiese geloofsgemeenskap is wat onself telkens in 'n volgende tydvak bevind waarin ons weereens uitdaag word tot 'n volgende relevante verstaan van ons geloof, die omskrywing daarvan nie staties is nie.

Intussen, egter, as ons praat van “Ons Christelike Geloof” is dit hierdie verstaan van God, skepping en mens wat ons na die tafel bring in ons verhouding tot die wetenskap.

2. DIE (MODERNE) WETENSKAP

Dit is eie en uniek aan ons spesie (die mens) dat ons na maniere soek om ons omgewing te beheer – om ons lewenskwaliteit te verbeter, om voortdurend tot 'n nuwe wete te kom van die lewe en die potensiaal wat die lewe op toenemend meer gebiede bied. Ook uniek aan die mens is die vermoë om te verbeeld, om esteties en kreatief te dink. Daarom ontdek die mens deur die eeue nuwe dinge; ontwikkel die mens vindingryke vermoëns om van die omgewing 'n beter plek te maak om in te lewe.

Dink maar net aan die ingrypende invloed wat die ontdekking van die maak van vuur teweeg gebring het. Veral die beheer daarvan het op die lewe van mense 'n groot invloed gehad. Nie net kon hulle toe hulle dieet verander nie, maar hulle kon ook snags aktiwiteite beoefen, selfs in spelonke en in grotte, wat voorheen nie moontlik was nie.

As 'n mens verder dink aan die ontdekking van die wiel: Dit het gepaard gegaan met revolusionêre gevolge van die beweeglikheid van mense en goedere. Die ontwikkelings van wapens en implemente het die mens telkens in 'n beter posisie geplaas om sigself te handhaaf in 'n spesifieke bewoonde omgewing.

Daar was dus altyd 'n groei aan inligting en kennis, sodat mens kan sê dat die wetenskap altyd op 'n manier deel was van die mens se geskiedenis. Niks het egter die wêreld voorberei vir so 'n ontploffing van kennis en inligting as die ontwikkeling van die *moderne* wetenskap nie. Sedert die ontdekkings van Copernicus ('n Poolse priester) en Galileo (vriend van die Pous van destyds) in die 15-16de eeu, met hulle teorieë van 'n ronde, wentelende aarde om die son, het die moderne wetenskap sy beslag gekry. Dit het onmiddellik weerstand uit kerklike geleedere ontlok omdat dit die wêreldbeeld wat van die kerk op grond van die interpretasie van die Bybel uitgedaag het. Aanvanklik is hierdie bevindinge doeltreffend onderdruk deur die kerklike strukture en Galileo se bevindinge is eers in 1632 bekend gemaak. Dit was vreemd om te hoor dat die aarde nie net rond is nie, maar ook om sy eie as draai. Nou “kom die son nie meer op” nie en “gaan nie meer onder” nie. Boonop is die aarde nie die middelpunt van die heelal nie, maar draai in 'n wentelbaan om die son. Daar is nie meer 'n “bo” en “onder” nie. Plekke soos “die hemel” en “die hel” het uitermate problematies geword.

Hierdie ontwikkeling van kennis (om te weet: wetenskap) was nie net tot die astronomie beperk nie. Vyf jaar ná Galileo sou die Franse denker *René Descartes* sy bekende frase (*cogito ergo sum* – “Ek dink, daarom is ek”) die lig laat sien. Dit het die mens op 'n nuwe pad van selfstandigheid, selfwaarde en selfvertroue geplaas. Descartes het gesê dat dit juis die feit is dat 'n mens kan dink wat jou as mens van alle ander spesies onderskei. Vir hom sou die klem voortaan val op die kognitiewe, die logiese verstaan van dinge. Iets is eers waar en eg as dit logies verstaanbaar is. Hierdie siening sou ontwikkel tot die standpunt dat slegs dit wat 'n mens eksperimenteel kan bewys, seker/vaste kennis is en geglo kan word.

In 1687 verskyn *Isaac Newton* se indrukwekkende werk, *Philosophiae Naturalis Principia Mathematica*, wat die basis sou vorm vir moderne fisika. Daarin publiseer Newton sy teorie oor hoe die hemelliggame in ruimte en tyd beweeg en hoe universele swaartekrag hierdie hele stelsel aanmekaar én uitmekaar hou. Met hierdie nuutgevonde kennis van die heelal, sterre- en sonnestelsels, van die invloed van swaartekrag, wat meetbaar ondersteun word deur die moderne fisika en meetkunde, is die denkende mens stadigaan bevry van die voor-Aufklärung denke en wêreldbeeld.

Heelwat later, in 1929, sou Edwin Hubble weer 'n volgende fase in die verstaan van die heelal inlei met sy teorie van die uitdyende heelal. Volgens hom het dit logies beteken dat die hemelliggame dus vroeër nader aan mekaar moes gewees het; trouens, dat daar 'n tyd ('n oomblik) lank gelede (ongeveer 20 000 miljoen jaar gelede!) was toe alles op presies dieselfde plek en die digtheid van die heelal oneindig was. Maar nie alleen moes die digtheid van die universum oneindig gewees het nie, dit moes absoluut ongelooflik en oneindig klein gewees het. Dit was die "oomblik" van die sogenaamde *oerknal* ("big bang"), die begin van die heelal.

Intussen het die ontwikkeling in die filosofie ook die standpunte van die kerk al feller uitgedaag. In 1781 formuleer *Immanuel Kant* sy bekende onderskeiding tussen *Geschiede* en *Historie* waarmee hy wou aantoon dat daar twee "lyne" van denkprosesse is. Die een word deur die "praktiese rede" geken (*Geschiede*) en het te doen met dinge soos morele standpunte, etiese norme (reg en verkeerd), die vraag na wat fatsoenlik is en wat nie – die dinge wat noodsaaklik is vir die funksionering en behoud van 'n gemeenskap. Die ander "lyn van kennis" (*Historie*) is kenbaar deur die "suiwer rede". Hier het ons dan volgens Kant te doen met die egte waarheid. Dit is die waarheid wat 'n mens deur eksperimente en rasionele argumentasie as waar en feitlik kan beskou. Dit was vir hom die enigste betroubare kennis.

Hierdie denkkonstruksie van Kant word deur baie beskou as die *geboorte van die moderne filosofie* en sou in die jare wat volg die filosofiese basis lê vir die konflik tussen rede en geloof, wetenskap en teologie/kerk.

Nuwe kennis in die veld van die biologie en die mediese wetenskap sou verder druk plaas op "Bybelse waarhede". So publiseer *Charles Darwin* in 1859 sy werk *The Origins of the Species*. Met dié evolusieteorie word die letterlike interpretasie van die Bybelse beskrywing van die skepping van die eerste mense as hoogs onwaarskynlik uitgedaag.

Op mediese gebied ontwikkel *Louis Pasteur* in 1885 die eerste middel teen bakteriële infeksies en met hierdie ontdekking sou die oorsake, asook die behandeling, van siektes op 'n nuwe (verstaanbare en behandelbare/beheerbare) manier gesien word. Later sou *Alexander Flemming* se ontdekking van penisillien hiermee saam die behandeling van vele siektes moontlik maak. Van toe af was dit duidelik dat die mensdom nie uitgelewer is aan allerhande bese magte of geeste wat hulle siek maak, en wat dan net op 'n kontra-manier deur hierdie geesteswêreld aangespreek kan word nie. Sedert daardie tyd was daar nou suksesvolle geneesmiddels wat aangewend kan word om lyding en siekte te beheer. *Hermann Dressen* se ontdekking van aspirien (1893) maak 'n verdere dramatiese bydrae tot die welslae van die mediese wetenskap om pyn te beheer. En sedert *Wilhelm Röntgen* se ontdekking van X-strale (1895) kan die liggaam se innerlike toestand wetenskaplik (fisiek en empiries) waargeneem word terwyl die persoon nog lewe.

Intussen het *Albert Einstein* (1905) se relativiteitsteorie opslae in die wetenskaplike wêreld gemaak en 'n wetenskaplike revolusie tot gevolg gehad. Sy relativiteitsteorie het mense se destydse denke oor verskynsels soos materie en energie asook tyd en ruimte, heeltemal herskryf. Waar *tyd* en *materie* voorheen beskou is as onveranderlike, absolute entiteite, het Einstein se teorie dit gestel dat ook tyd en materie slegs gemeet (bepaal) kan word in verhouding tot hulle beweging en in verhouding tot die een wat die meting doen. Met Einstein breek die ontstaan van die atoom-eeu aan.

In die laaste deel van die 19de eeu het daar in Europa op die vlak van filosofiese denke talle prominente denkers (*Ludwig Feuerbach*; *Karl Marx*; *Friedrich Nietzsche*) na vore getree wat onomwonde verklaar het dat die mens van die moderne tyd geen ander keuse het as om op rasionele gronde die kerk en die geloof

in God te bevraagteken nie. Dit is geen wonder dat die persepsie ontstaan het dat die moderne wetenskap vyandig staan teenoor godsdiens nie.

Ook op die gebied van die *psigologie* (byvoorbeeld *Sigmund Freud* en *Carl Jung*) word daar teen die einde van die 19de eeu ingrypende teorieë ontwikkel wat *verklarings aanbied vir bepaalde menslike gedrag*. Voorheen is die oorsaak van menslike gedrag nog dikwels toegedig aan die geesteswêreld – as iets wat onbeheers en onverklaarbaar “oor die mens kom”. Sedert Jung word gedragspatrone egter in so 'n mate verstaan (en juis dáárom soms ook gemanipuleer) dat die *psigologie* binne die geesteswetenskaplike dissiplines al meer gevestig geraak het as 'n geloofwaardige wetenskap om mee rekening te hou.

Nog dissiplines in die moderne wetenskap wat ons denke onherroeplik verander het, was die argeologie en die historiografie. Ook die literêre wetenskap (letterkunde) wat handel oor die lees en verstaan van tekste en die onderskeiding van literêre soorte (*genres*) laat ons nuut kyk na antieke tekste en hulle vertalings, maar ook hulle interpretasies/verklarings. Die verdere ontwikkeling van hermeneutiek binne die besinning van die wetenskap is prominent hierin.

Op die gebied van mikro-biologie het stamselnavorsing en genetika in die laaste tyd oënskynlik aan die mens nuwe mag en beheer oor biologiese prosesse gebied.

Voeg dan hierby die astronomiese ontwikkelinge in die inligtingstechnologie, wat al hierdie kennis – asook ons verbinding aan mekaar en kommunikasie met mekaar oor die hele wêreld te enige tyd oombliklik maak – en mens besef dat ons in 'n tyd lewe wat onvergelykbaar is met enige vorige tydvak.

As ons dus hier praat van “die Wetenskap” verwys ons na die moderne wetenskap in al sy subdissiplines wat ons totale menswees vandag ingrypend ander inhoud gee as slegs 200 jaar gelede – wat nog van 2000 en meer jaar gelede, as ons oor die Bybelse tydperk praat.¹

3. DIE BYBEL

DIE VERBINDING TUSSEN TOE EN NOU

In die verhouding tussen “Ons Christelike Geloof” en “die Moderne Wetenskap” neem die Bybel nou as't ware 'n tussen-posisie in. Naas ons Christelike geloof en die moderne wetenskap is dit nou die derde saak waarvoor ons helderheid moet kry in ons bespreking van die verhouding tussen geloof en wetenskap.

In rekenaartaal praat ons van 'n *interface*: die draad, of stuk toerusting wat twee of meer komponente aan mekaar verbind. Dit is die funksie van die Bybel tussen *ons Christelike geloof* en *die wetenskap*.

Die Bybel (ook die Heilige Skrif genoem) is 'n bundel van dokumente met 'n interessante en gekompliseerde geskiedenis. Dit het binne verskillende tradisies as mondelinge oorvertellings begin, selfs lank voor die ontwikkeling van 'n skriftelike neerslag – dus voordat dit geskrewe dokumente geword het.

Heelwat van die “boeke” van die Bybel is dus lank na die gebeure wat hulle beskryf, neergeskryf. Byvoorbeeld, die oudste Evangelie, Markus s'n, wat kronologies die naaste aan die lewens-verhaal van Jesus geskryf is, is ten minste meer as 2 dekades na die kruisiging opgeteken.

Dit het ook verder deur ewe ingewikkelde wisselwerkende prosesse van kreatiewe resepsie en gebruik ontwikkel. Hierdie Boek(e) is dus ou historiese artefakte wat ontleed, bestudeer en vergelyk kan word met soortgelyke (buite-Bybelse) antieke tekste. Ons doen dit deur gebruik te maak van allerlei kritiese

¹ Wanneer ons vervolgens in hierdie dokument praat van, of verwys na “geloof” en “wetenskap”, moet dit in die konteks van die voorafgaande omskrywing en verduideliking verstaan word.

wetenskaplike metodes en tegnieke, om so goed as moontlik die bedoeling en betekenis van die teks te verstaan.

DIE WETENSKAP HELP ONS MET DIE BYBEL

Die Bybel vra daarna om *histories* en *literêr* gelees en verstaan te word. Met die duiselingwekkende ontwikkeling van die wetenskap in die algemeen, het Bybelwetenskaplikes baie beter 'gereedskap' tot hulle beskikking as mense van byvoorbeeld tweehonderd jaar gelede. Ons kan meer van die Bybel weet as hulle, omdat die toenemende/versamelde kennis wat steeds astronomies groei, tot ons beskikking is.

Een van die historiese dimensies rakende die Skrif, is dat dit die Boek van die kerk is². Dit beteken dat die geloofsgemeenskap en die Boek mekaar wedersyds 'gemaak' het. Binne die geloofsgemeenskap word die Skrif as die 'oorkonde' (neerslag) van die geloof gelees, uitgelê en verkondig sodat die spore van die oorgelewerde Woord weer kraakvars voor ons lê ... en ons inhaal as die komende Woord van God. In 'n definitiewe sin van die (W)woord is Jesus van Nasaret die Woord van God (Hebreërs 1 en Johannes 1). Dis waarvan die Bybelse teks ons in die finale instansie wil oortuig. So is hierdie Woord in Sy koms na ons, die koms van God na ons.

Hierdie band tussen Skrif en Woord is alles behalwe vanselfsprekend – terwyl ons met allerlei wetenskaplike metodes die Skrif kan bemeester, bly die koms van Gods Woord na ons, Sy vrye gawe uit goedheid en guns alleen, wat ons te beurt val in en deur die werking van die Heilige Gees. In hierdie sin verstaan ons dan ook die werking van die Heilige Gees in die ontstaan en verstaan van die Bybel (later meer hieroor).

Dat die Woord van God en die Bybel saamhang, só saamhang dat die kerk dit verwoord in 'n belydenis dat die Bybel die Woord van God is, beteken dat hierdie beskouing oor die Bybel nie net 'n 'rasionele' saak is of kan wees nie, maar wel 'n belydeniskarakter dra.

DIE SAMEHANG TUSSEN WEET EN BELY

Uit bogaande weet ons dus dat die woord *Bybel* verwys na 'n bepaalde versameling antieke geskrifte (so **weet** ons), waarvan Christene **bely** dat dit die Woord van God is. Dit is belangrik dat ons sal onthou dat *weet* en *bely* twee verskillende kategorieë verteenwoordig. Ons *weet* dit is *antieke dokumente*, want ons kan dit vanuit die kategorie van die wetenskap en dan inderdaad vanuit verskillende wetenskaplike dissiplines, soos byvoorbeeld geskiedenis en argeologie aantoon.

Ons *belydenis* dat die Bybel die *Woord van God* is, val op sy beurt onder die kategorie van ons Christelike geloof (sien hierbo). Dié belydenis is nie wetenskaplik (in die moderne sin van die woord soos hierbo) toetsbaar nie. Die belydenis dat die Bybel die Woord van God is, kan alleenlik as **geloofsoortuiging** aanvaar, gerespekteer of verwerp word.

Wanneer hedendaagse Westerlinge en/of diegene wat die Westerse wetenskap- en wêreldbeskouing daarop nahou, as gelowiges binne die Christelike tradisie die Bybel lees sal dit baat om beide hierdie aspekte (*weet* en *bely*) van ons verhouding met die Bybel te erken en onderskeidend te handhaaf.

DIE BYBEL IS MEER AS DIE LETTERS EN WOORDE

Hoe sal ons dit regkry om aan beide hierdie aspekte van ons verhouding met die Bybel reg te laat geskied, sodat dit met integriteit kan funksioneer in die verhouding tussen ons geloof en die wetenskap? Die antwoord is om konsekwent en met die nodige eerbied ruimte te maak vir die lees van die Bybel as **historiese** geskrifte en as 'n **literêre versameling**.

Maar, daar is **meer** aan die teks van die Bybel.

² Dit geld van die OT en die NT. Die NTs in 'n groot mate die neerslag van die geaktualiseerde herlees van die OT in die lig van die Paasgebeure.

Dit is so: Die Bybel is aan ons oorgelewer as **antieke geskrifte**. Terwyl ons dit as **Woord van God** bely, is dit 'n onbetwisbare feit dat dit uit 'n tyd lank-lank gelede kom, uit 'n wêreld dramaties anders as ons s'n vandag. Maar ons lees dit ook **literêr**, want dit kom in die vorm van taal, van letterkunde, van *geskrifte* na ons toe.

Nou kom daar 'n derde aspek by: Ons lees die Bybel as gelowiges ook "**sakramenteel**", want ons *bely* dat dit meer is as die woorde en sinne wat daar staan. Op 'n baie definitiewe manier is dit die *Woord van God* in en vir ons lewe. En dis hier waar woord "sakramenteel" ons help. Net soos wat die water, brood en wyn in die doop en nagmaal (sakramente) van meer getuig as blote water, brood en wyn, omdat dit iets goddeliks bemiddel, is die Bybel se woorde en sinne vir ons meer as maar net antieke, historiese, literêre konstruksies. Ons kyk in meer besonderhede hierna in die volgende punte:

3.1 HISTORIESE LEES VAN DIE BYBEL:

Ons lees die Bybel histories. Die Bybel het 'n heel spesifieke historiese, geografiese en sosio-kulturele bedding. Dit het in tyd en oor tyd, tussen mense van bepaalde geografiese gebiede en teen die agtergrond van bepaalde sosio-kulturele agtergronde ontstaan. As 'n historiese geskrif, is die Bybel as sodanig 'n literêre werk en getuig dit, wat die Christelike geloof betref, van **die waarheid van God**.

In sy getuigenis oor die Waarheid, is die Bybel kontekstueel en kultureel bepaald. Hierdie terme word ongelukkig en onnodig binne Christelike kringe meestal negatief verstaan. "Kontekstueel" beteken nie dat ons die Bybel maar kan lees en interpreteer soos ons lus het nie. "Kontekstueel" beteken "in verhouding tot/in verband met". Die Bybel staan in verhouding tot en hou verband met die tyd, plek en omstandighede van die Bybelskrywers.

Wanneer ons sê dat die Bybel "kultureel bepaald" is, bedoel ons daarmee dat die Bybelskrywers in terme van die tale, waardes en mens- en wêreldbeeld van hul kulture praat wanneer hulle oor die lewe en oor God skryf. Wanneer ons die Bybel lees moet ons sensitief wees vir die verhouding waarin dit staan tot die historiese, geografiese en kulturele omstandighede waarbinne dit ontstaan het.

Om die Bybel histories te lees is om te erken dat die Bybel 'n historiese konteks én 'n historiese betekenis het. Ons behoort dus nie sommer net enige betekenis daaraan toe te dig nie. Verantwoordelike en verantwoordbare eksegeese en hermeneutiek is onontbeerlik vir 'n eerlike interpretasieproses wat getuig van integriteit; terwyl ons met respek na die teks luister.

Wanneer ons die Bybel histories lees, moet ons altyd onthou dat **ons self ook histories bepaald** is. In ons lees van die Bybel kan ons nooit aan ons eie historiese en hedendaagse kontekstuele plasing ontsnap nie. Dit geld beide op 'n individuele sowel as 'n kollektiewe vlak. Hierdie eie historiese konteks en bepaaldheid sluit onder meer ook my ras, kultuur, geslag, ouderdom, geskooldeheid, sosio-ekonomiese posisie, politieke oortuigings, gesondheid en so meer in.

Waarskynlik een van die moeilikste uitdagings vir ons is die feit dat dit onmoontlik vir ons is om al die kennis en inligting wat die wetenskaplike tyd in ons geheue vasgelê het, op te hef wanneer ons na die Bybelse teks gaan en dit lees. In 'n sekere sin lei die kennis wat ons opgedoen het en steeds opdoen deur die voortgaande navorsing van die multi-dissiplinêre wetenskap ons daartoe om te besef dat ons nooit werklik in staat sal kan wees om onself volledig in die konteks van hierdie klassieke tekste verplaas nie.

'n Verantwoordelike lees van die Bybel sal hierdie gegewe altyd erken en verdiskonteer.

3.2 LITERÊRE LEES VAN DIE BYBEL:

Ons lees die Bybel literêr: Die skrywers en mense van die geloofsgemeenskappe waarin die geskrifte ontstaan en uiteindelik tot kanon ontwikkel het, het hulle belewenisse van hulself, hul omgewing, die lewe en God uiteindelik ook in literêre vorme en met behulp van literêre konvensies verpak.

Wanneer ons die Bybel as *literêre werke/dokumente* lees, dan gee ons erkenning aan die feit dat ons hier met literêre werke uit antieke tye te doen het. Alhoewel hierdie literêre werke verskillend van aard is,

maar ook verskil van die tipiese literêre soorte (*genres*) van ons dag, help ons hedendaagse wetenskaplike-literêre kennis ons om die Bybelse literêre aard beter te verstaan. Ons herken/identifiseer in die Bybel byvoorbeeld gedigte (Psalms), fabels (Rigters 9), novelles (Rut), voorbeeldvertellings (Jona), geskiedskrywings (Kronieke) en briewe (Efesiërs), om maar enkele voorbeelde te noem.

Elkeen van die hierdie literatuur-soorte moet verstaan en gelees word binne die spesifieke spelreëls van daardie *genre*. Gedigte word anders gelees as geskiedenis. Dit gebeur amper outomaties dat mens die verskillende literatuursoorte herken en die toepaslike reëls gebruik. Mens lees eenvoudig nie jou koerant (of 'n nuusberig) op dieselfde wyse as wat jy poësie sal lees nie. Beeldspraak en metafore sou waarskynlik in laasgenoemde geval aan die orde van die dag wees, terwyl 'n mens met beriggewing feite en logika kan verwag.

Hierdie literêre werke in die Bybel maak ook van stylfigure soos byvoorbeeld rym, alliterasie, paradoks, ironie, sarkasme, hiperbole en metafore gebruik. Om die Bybel vanuit 'n literêre perspektief te lees, beteken dus om dit in meer as sy letterlike betekenis te verstaan. So was dit klaarblyklik vroeër. Dit is eers later, toe die historiese konteks van hierdie literêre werke (Bybelboeke) vervaag het, dat mense die Bybel letterlik begin verstaan en dit op elke vlak feitelik (histories)-letterlik begin interpreteer het – 'n manier waarop dit nooit bedoel was om gelees te word nie en verseker ook nie deur die eerste hoorders verstaan is nie. Deur hierdie histories-letterlike interpretasies is ons interpretasie en verstaan van die Bybel uitermate verskraal.

Die bedoeling met hierdie letterlike beskouing van die Bybelse teks was om die betroubaarheid en gesag van die Bybel te beklemtoon. Onderliggend hieraan het 'n meganiese inspirasieleer gefunksioneer, naamlik dat elke woord en leesteken in die Bybel oorspronklik direk so deur God in die skrywers ingegee is en daarom as sodanig letterlik verstaan moet word. Ongelukkig het dit net mooi die teenoorgestelde effek. Om die fokus alleen maar op die letterlike en feitlike van die Bybelse tekste te laat val, is om die bedoelinge, betekenis, waarde en boodskap van die Bybel te verskraal. Om die Bybel letterlik te interpreteer, is om by halwe waarhede uit te kom en selfs vals indrukke of persepsies te vorm.

3.3 SAKRAMENTELE LEES VAN DIE BYBEL:

Ons lees die Bybel "sakramenteel": 'n Sakrament is 'n tydgebonde, fisiese, tasbare bemiddeling van wat as heilig bely word. 'n Sakrament is onder meer 'n manier waarop dit wat as goddelik bely word, vir ons mense sigbaar, tasbaar teenwoordig word in die hier en nou. 'n Sakrament kan gesien word as 'n voertuig waardeur God teenwoordig word/is - 'n middel waardeur die Gees beleef word.

Dink in die verband byvoorbeeld aan ons kerk se twee sakramente, te wete die heilige doop en die heilige nagmaal. Met die doop was die water uit die doopvont tog nie letterlik ons sonde af nie. Dit is egter kragtens ons Gereformeerde tradisie onder meer 'n tasbare simbool van die afwassing van die sonde en 'n bevestiging van ons inlywing in die liggaam van Christus.

Net so bely ons met die nagmaal dat die brood wat ons eet en die wyn wat ons drink die liggaam en bloed van die gekruisigde Jesus en die opgestane Christus is. Daarmee bedoel ons egter geensins dat gelowiges met die nagmaal letterlik vlees en bloed eet en drink nie. Die gebruik van brood en wyn met die nagmaal bevestig aan gelowiges ons deel in die dood en opstanding van ons Here, Jesus Christus.

Ons Gereformeerde verstaan van die doop en die nagmaal kan ons help om ons belydenis van die Bybel as die Woord van God beter te verstaan. Na analogie van die verstaan van ons kerk se twee sakramente, kan ons die Bybel bely as God se hoorbare, leesbare en tasbare woord in ons hier en nou. As sodanig dien die Bybel rigtinggewend (in die mees omvattende sin van die woord) in Christene se lewe.

Met ander woorde: die betekenis van die Bybelse teks is vir 'n Christen méér as die woorde wat daar staan; méér as die konsepte wat beskryf word; méér as die geskiedenis wat aangebied word; méér as die klaagliedere wat geskryf is; méér as die psalms wat gesing is. Binne die breë en dieper betekenis van die Christelike geloofsbelydenisse, die geloofstradisie waarbinne ons staan, lees ons die historiese en literêre tekste (van die Bybel) en hoor daarin hoedat God geken en gehoor word as 'n genadige, liefdevolle God, betroubaar in Sy genade oor ons – juis ook in ons konteks vandag.

OPSOMMEND

Wat hier aan gebied word is nie 'n nuwe metode nie, maar is bedoel as 'n metodologies-inklusiewe leesbenadering. Ons beseft dat die benadering wat hier aan die hand gedoen word verder gaan as die leesgebruik wat oor die algemeen in die kerk geld. Die benadering wat hier aangebied word berus op dekades, indien nie meer as 'n eeu se navorsing binne die veld van beide antieke tale én Ou- en Nuwe Testamentiese wetenskap. Tog, soos elke ander lees benadering, het ook hierdie benadering sy beperkinge. Ons is egter vol vertroue dat hierdie leesbenadering wel geskik is om, binne die konteks van die gesprek **Ons Christelike geloof en die Wetenskap**, die kerk aan 'n volgende fase van haar reis met die Bybel en ons Christelike geloof in ons tyd kan voorstel.

Deur die Bybel *histories*, *literêr* en *sakramenteel* te lees, kan Christene vandag verantwoordelik, ingelig en met oorgawe as gelowiges lewe.

3.4 VERSKILLENDE GEBRUIKE/LEES VAN DIE BYBEL IN DIE KERK:

Die kontekste waarbinne en die wyse waarop die teks van die Bybel gelees word en funksioneer is nie altyd dieselfde nie. Dit word eensyds in (geografiese) plekke en deur mense van kulture gelees waar die Westerse wetenskapsdenke nie die dominante denkwys is nie. Andersyds word dit op plekke en deur mense gelees wat empiriese (natuur) wetenskaplike modelle verhef tot absolute norm. Verder lê lees/eksegetiese modelle op 'n kontinuum tussen 'n naïewe lees van die teks en 'n radikale wetenskaplike lees van die teks.

Ter illustrasie van wat hier bedoel word, kan ons verskeie maniere van of benaderings tot die lees en interpretasie van die Bybel onderskeie, sonder om daarmee voor te gee dat hierdie illustrasie alles omvattend of volledig is.

3.4.1 Voor-wetenskaplike lees van die teks: Waar daar byvoorbeeld in die Ooste, Asië, Afrika en Suid-Amerika nog miljoene mense leef wat duidelik hulleself binne 'n voor-wetenskaplike kulturele konteks bevind, is 'n voor-wetenskaplike lees van die teks uiteraard nie net moontlik nie, maar waarskynlik vanselfsprekend. Waar mense se wêreld en lewensbeskouing (nog) nie deur Westerse wetenskapsdenke gevorm is nie, maak dit sin dat hierdie mense, wat hulle byvoorbeeld nog steeds bevind in die bedreiging en aanvegtinge van bose en onreine geeste/figure/wesens, hulleself vereenselwig met die voor-wetenskaplike teks van die Bybel en belydenisskrifte – en as sodanig die evangelie as bevrydend daarvan kan beleef.

3.4.2 'n Ongekompliseerde lees van die teks: Dit is moontlik (en vele kan oor alle tye sedert die ontstaan van die Bybelse teks daarvan getuig) dat iemand vir die heel eerste maal, sonder enige kennis van die Christelike leer, sonder om in die tradisie van die Christelike geloof geskool te wees, of as Christen groot te word, op 'n dag 'n gedeelte van die Bybel te lese kry en daarin hoor dat God met hom/haar praat op so 'n wyse dat dit die persoon se lewe ingrypend ten goede verander. Dit kan gebeur dat 'n enkele teks iemand tot bekering kan bring, sonder enige kritiese ingesteldheid ten opsigte van die teks. Op so 'n wyse kan God die Bybel gebruik om direk tot iemand te praat dat diegene sou getuig dat hulle God as't ware self met hulle hoor praat het.

3.4.3 'n Amptelike voorlesing van die teks: Dit gebeur gereeld dat daar by geleentheid met *Skriflesing en gebed* geopen word by byvoorbeeld 'n skool samekoms of staatsgeleentheid. Die sinvolheid daarvan word op geen manier bevraagteken nie. Vir so 'n geleentheid word 'n bepaalde gedeelte uit die Bybel met groot sorg gekies om God as't ware toepaslik te laat praat in daardie situasie. Daar is natuurlik groot gevare hieraan verbonde. Dominees word gereeld gevra om dit te doen. Dan word daar gewoon op die hoor-waarde van die teks gereken om 'n bepaalde boodskap oor te dra. Geen kritiese hantering van die teks word erken nie. Dit is dikwels met Psalms die geval. So 'n gebruik van die Bybelse teks behoort met groot omsigtigheid gedoen word.

3.4.4 'n Meditatiewe gebruik van die teks: Met so 'n gebruik van die Bybel is dit in besonder die sakramentele lees van die teks wat na die voorgrond skuif. Hier vervul gedeeltes uit die Bybel op 'n besondere wyse 'n liturgiese funksie en dan veral soos dit oor eeue heen deur die kerklike tradisies

ontwikkel het en in besonder in liturgieë en die kerklike jaar gestalte (ge)kry (het). In meditatiewe en kontemplatiewe momente bemiddel die Bybel op 'n besondere wyse die goddelike (woord). Hier is nie juis ruimte van kritiese refleksie op die teks nie.

3.4.5 'n Homiletiese gebruik van die teks: Met “homileties” word hier na die prediking in 'n erediens verwys. Skrifgefundeerde prediking vorm 'n integrale deel van eredienste binne die Gereformeerde kerke. Daar word uit die Bybel gelees, 'n uitleg word voorgehou gegrond op deeglike studie/eksegese en as gesagvol aangebied, en die gemeente behoort op grond van hierdie kerklike gesag (gelegitimeerde predikers) toepaslik te reageer. Hier kan weereens 'n sakramentele lees van die teks (sien punt 3.3 hierbo) ter sprake kom, wanneer ons glo dat die Bybel meer as die geskrewe woord(e) op papier word – en in der waarheid as die Woord van God gehoor, geglo en as gesagvol aanvaar word.

3.4.6 'n Teologiese gebruik van die teks: Hier funksioneer die teks binne die konteks van die multidissiplinêre vakdissiplines van die wetenskap. Veral as historiese en literêre tekste, maar dan ook juis omdat dit teologie is, word óók die sakramentele aspekte van die teks ondersoek en bestudeer. Hier word kritiese vrae gevra en daar is 'n doelbewuste poging aan 'n wye blootstelling aan godsdienstige, filosofiese en ander wetenskaplik beskouings. Ook die eie geloofstradisie kan kritiese ondervraging hier verwag ten einde uiteindelik te help om die bes moontlike lesing en interpretasie van die teks te bekom. Natuurlik speel logika en die rasonele argumentatiewe aanslag hier 'n prominente rol – soos wat dit moet binne die konteks van die wetenskaplike eeu waarin ons leef.

Die voorafgaande is 'n *onderskeidende* aanbieding van die gebruike van die teks. In die praktyk is dit nie altyd moontlik om dit so van mekaar te skei nie. Dit kan gebeur dat al hierdie gebruike van die teks by een en dieselfde geleentheid aangebied en/of beleef sal word deur gelowiges op grond van hulle eie ingesteldheid, persoonlikheidstipe, lewensomstandighede en geloofspad – en moet daarom as kategorieë verstaan word wat nie altyd so netjies van mekaar geskei kan word nie.

Ons sal ook eerlik moet erken dat selfs 'n wetenskaplike omgaan met tekste geen waarborg is dat daar in die kerk by 'n eenduidige interpretasie van tekste uitgekom sal word nie. Behalwe die verskillende plekke/geleenthede waar die teks moontlik kan funksioneer, die verskillende maniere van lees van tekste én die verskil ten opsigte van hermeneutiese uitgangspunte, sit ons in die kerk met 'n verdere uitdaging. Dit behels die feit dat daar in die geloofsgemeenskap ook diegene is waar Westerse wetenskaplike denke (bewustelik en/of onbewustelik) reeds 'n bepalende rol in hulle lewens speel – selfs tot op die punt van 'n emansipering van hulle wêreld en lewensbeskouing. Wanneer hulle wel oor hulle belydenis en geloof dink, is hulle heel gemaklik daarmee om in voor-wetenskaplike konstruksie veilig en getroos te voel.

Tog is dit vir ons belangrik dat ons nie ons Christelike geloof en belydenis teenoor die werk van die wetenskap sal opstel nie. Die wetenskap is nie *per se* teen ons Christelike geloof nie en ons moet nie die resultate van die moderne wetenskap as vyand van die geloof beskou nie. Dit is jammer dat daar somtyds vanuit wetenskaplike hoek 'n aktivistiese aanval op ons Christelike oortuigings is wat hierdie spanning en selfs vyandskap skep. Die teenoorgestelde is ook ongelukkig vanuit kerklike geleedere waar, wanneer die wetenskap voorgehou word as die vyand van God en geloof in Hom.

Gesprek met mekaar is dus van uiterste belang vir behoud van beide geloof en wetenskap.

Indien ons ernstig is met ons belydenis van God as die Skepper van die heelal met al sy wonderbaarlike, komplekse inhoude, moet ons dit ook ernstig opneem dat Hy betrokke is by die ontluikende wetenskap wat ons aan hierdie werklikheid meer en meer blootstel. God is per slot van rekening ook die God van die intellek en kennis. Hier wil ons graag hierdie perspektief duidelik onderstreep.

Wanneer ons nou in die volgende hoofstukke na die Ou Testament, die Nuwe Testament en die Belydenisskrifte gaan kyk om te sien hoedat ons Christelike geloof in verhouding tot die wetenskap funksioneer, sal die uitgangspunt hoofsaaklik berus op 'n teologiese lees van die teks. Dan is ons **nie** besig met die voorbereiding van 'n meditatiewe geleentheid of vir 'n voorlesing by 'n byeenkoms nie, maar is ons wetenskaplik teologies besig met die bepaling van die betekenis van 'n spesifieke teks uit die

Bybel/belydenisskrifte vir ons vandag, deur van verskeie subdissiplines wat ons tyd ons bied gebruik te maak.

In elke geval (Ou Testament, Nuwe Testament en Belydenisskrifte) sal 'n bepaalde teks-gedeelte gebruik word ter illustrasie.

3.5 OOR DIE BYBEL AS GESAGVOL EN GEÏNSPIREERDE WOORD

In die geskiedenis van ons geloofstradisie het die begrip *testimonium spiritus sancti* (getuienis deur die Heilige Gees)'n baie sentrale rol gespeel as dit by die Bybel, die ontstaan en die interpretasie van hierdie geskrifte, kom.

As belangrike aspek van 'n *organiese inspirasie-leer* binne die gereformeerde kerkleer, wil dit dui op die aktiewe betrokkenheid van die Gees van God in die ontstaan van die Bybel, maar ook in die funksionering van die Bybelse teks in die kerk. Weliswaar is dit geformuleer teenoor 'n *meganiese inspirasie-leer*, wat sou suggereer dat die skrywers van die Bybelse geskrifte soos willose marionette was deur wie Hy direk gewerk het met die totstandkoming van die Bybel.

Met *organiese inspirasie* word egter bedoel dat die skrywers binne 'n bepaalde historiese konteks, onder spesifieke omstandighede, met behoud van hulle persoonlikhede, met 'n spesifieke gehoor in die oog, meegewerk het aan die literêre neerslag van die teks. Deur en in dit alles is God (die Heilige Gees) betrokke om die waarheid van ons Christelike geloof aan gelowiges te kommunikeer. Die *inspirasie* van die Bybel verwys dus na die beweging van die Gees in die lewens van die mense wat die Bybelse tekste geskryf en saamgestel het. Die fokus is dus nie soseer op woorde wat deur God ingegee sou wees nie, maar op mense, te wete die antieke gemeenskappe en hul skrywers, wat op grond van hulle belewenis van die Gees van God, beweeg is. Daardie selfde Gees leef ook in ons en bring ook ons in beweging - onder meer deur die Bybel. Die inspirasie van die Bybel bevestig onder ander die kontinuïteit tussen ons en die skrywers van die Bybel.

En dit is presies wat bedoel word daarmee dat ons die teks van die Bybel histories, literêr en sakramenteel lees. Die Gees van God is nie met die een wyse van lees meer teenwoordig en werkzaam as met die ander nie. Dit is ook waar van ons 5 onderskeidings van die funksionering van die teks: of ons die teks wetenskaplik analiseer en of ons dit meditatief lees, God is teenwoordig in die totaliteit van ons intellektuele en emosionele funksies. Hierdie lees van die Bybel ontken nóg ons belydenis ten opsigte van die *gesag* van die Bybel nóg ons belydenis ten opsigte van die *inspirasie* daarvan, intendeel.

Wanneer ons die Bybel histories, as literatuur en sakramenteel lees, hou ons in gedagte dat ons alleen maar 'n punt op 'n millennia oue *interpretasie tradisie* verteenwoordig. Ons is nie die eerstes wat die Bybel ("korrek") interpreteer nie en ons is beslis ook die laastes nie. Met die lees-benadering hier aangebied probeer ons erns maak met die winspunte van die meeste eksegetiese (interpretasie) metodes, terwyl ons maar al te bewus bly van interpretatiewe slaggate in ons onderskeie eksegetiese metode(s).

4 OU TESTAMENT – GEN 1-2 AS VOORBEELD (IN DIE BEGIN ...)

4.1 AS HISTORIESE TEKS

Die keuse vir Gen 1-2 is belangrik om te verreken. Eintlik behoort 'n mens hoofstuk 3 ook hierby te lees, aangesien dit 'n eenheid met hoofstuk 2 vorm, maar vir ons doeleindes bepaal ons onself by die skeppingsgebeure.

Navorsing uit verskeie wetenskaplike dissiplines wat met mekaar in verband gebring word, het onteenseglik bevind dat Genesis 1-2 sy huidige vorm as ons Ou Testament gedurende die laat Persiese tyd gekry het. Tog blyk dit uit die aard van die teks/geskrif dat die sterkste beïnvloeding vanuit die Babiloniese denkraamwerk kom. Ons moet dit dus teen dié agtergrond lees. Wat beteken dit?

Om Genesis 1-2 **histories** te lees beteken dat ons dit behoort te lees teen die agtergrond van 'n groep mense (ballinge in 'n vreemde land) wat, na die trauma van verlies van geliefdes, weg van hulle kulturele en teologiese raamwerk (koning, stad en tempel) en hulle erfdeel (die land en hulle stukkie grond), poog om hulleself en hul gemeenskap weer op te bou. Hulle het onder die nuwe wêreldheersers (Persië) geleentheid gekry om terug te keer na hulle vaderland met die kans om hulle gemeenskap, maar nie die koningshuis nie, te herstel.

Navorsing het egter ook aangetoon dat hoewel die Judese gemeenskap waarskynlik in die tyd voor hulle ballingskap (in die sogenaamde pre-eksiliese, of voor-ballingskap tyd) nie oor 'n omvattende skeppingsliteratuur (waarin hulle beskouing/geloof in die ontstaan van alles tot uitdrukking kom) beskik het nie, was daar alreeds verwysings na die skepping in hulle liedere en literatuurskat teenwoordig. Dié is op hulle beurt veral deur Egiptiese en Ugaritiese perspektiewe beïnvloed. Ook dit moet in 'n historiese lees van die teks in berekening gebring word.

Om 'n teks met respek te lees, beteken dus dat ek dit teen die historiese agtergrond daarvan sal lees. Daarteenoor, om Genesis 1-2 alleen teen die agtergrond van die (ons) Westerse empiriese wetenskaplike tyd, veral soos dit sedert die Verligting (*Aufklärung*) ontwikkel het, te lees, is nie alleen 'n teken van disrespek vir die teks nie, maar dit is ook oneerlik. Dit is oneerlik omdat 'n mens dan twee historiese tye wat letterlik meer as 'n millennium uitmekaar lê, hanteer asof dit dieselfde intellektuele raamwerk en wêreldbeeld deel.

Eweens, mense van ons (wetenskaplike) tyd, wat hedendaagse kennis uit die wetenskap van byvoorbeeld die fisika, geologie en biologie gebruik om die Bybel en/of geloof as leuen en/of verkeerd en/of vals af te maak, openbaar gebrekkige historiese aanvoeling en (ironies genoeg) gebrekkige kennis van wetenskaplike metodiek en/of epistemologie, sou hulle hulself daaraan skuldig maak. Dieselfde geld vir gelowiges wat die Bybel teenoor die hedendaagse wetenskap opstel en/of verdedig. Beide kampe maak hulleself skuldig aan oneerlikheid deur die effek van historiese afstand te negeer.

Maar, terug by Genesis 1-2: So het dit dan gebeur dat hierdie na-ballingskap Judese gemeenskap hulle hede en verlede deur hierdie invloede vanuit 'n meer universele raamwerk, hulle geloof in die Here (JHWH = Jahwe), die God van hulle voorvaders, as die enigste God erken. Hy is die Here van sy volk, maar ook die God van die hele skepping. Daarom is Hy ook die universele Skepper van hemel en aarde. Hierdie beskouing was in lyn met die na-eksiliese profete, soos byvoorbeeld (Deutero)Jesaja, wat in hierdie terme oor die God van Israel getuig. Die beskrywing van die skepping in Genesis 1-3 soos ons dit vandag het, is die finale produk van hierdie proses as skeppingsgeloof van hierdie gemeenskappe.

4.2 AS LITERÊRE TEKS

Om 'n teks met respek te lees, vra dat ons dit na sy eie literêre aard sal lees. Hetsy dit nou 'n gedig is, of geskiedenis, of 'n lied, of watter soort literatuur ookal, elke literatuursoort bied vanuit die aard daarvan sy eie verstaansreëls aan die leser/hoorder. Eintlik gebeur dit somer outomaties dat 'n mens 'n koerant anders (met ander reëls) lees as 'n brief. Wanneer ons in 'n gedig lees van die wind wat deur die blare van die bome fluister, weet ons onmiddellik dat ons dit nie fisies/letterlik moet verstaan asof die wind 'n stem het en lippe wat kan praat nie. Dis 'n poëtiese teks wat van beeldende taal en/of metafore gebruik maak. As ons egter die koerant oopmaak, verwag ons geredelik dat ons met feitlike beriggewing gekonfronteer sal word. Dan tel elke woord met 'n letterlike betekenis.

Terug nou by Genesis 1-2: Dit beteken dat ons behoort te bepaal met watter literêre soort (*genre*) ons in Genesis 1-2 te doen het en dit dan as sodanig lees om in die proses by die betekenis(se) van die teks uit te kom. Maar, hoe weet 'n mens dit? Hoe kan mens agterkom met watter soort literatuur het ons hier te make?

Kom ons probeer die volgende metode: Gaan 'n mens oorsigtelik met jou oë oor die teks van Genesis 1, dan sien jy dat die benaming wat vir die Skepper gebruik word deurgaans, sonder uitsondering, "God" (*Elohim*) is. Doen 'n mens dieselfde met Genesis 2, sien mens dat die benaming vir die Skepper deurgaans "Here God" (*Jahwe Elohim*) is. Dit alreeds behoort vir ons aan te dui dat ons dit moet oorweeg

om hier van twee weergawes (uit twee verskillende gemeenskappe, uit twee verskillende tydperke) van die skeppingsgebeure te praat.

Kyk 'n mens in nog meer detail na hierdie twee weergawes, is dit opvallend dat hier baie duidelike verskille is. In die eerste weergawe word alles in wonder-oomblikke trapsgewys gemaak deurdat die Skepper net elke keer as't ware 'n bevel daarvoor gee – en dit gebeur in 6 *dae*.

In die geval van die tweede weergawe is die Skepper aktief besig om die verskillende komponente van die skepping te maak. Hy laat dit reën, omdat dit droog is (in die eerste weergawe is dit nat – baie waters) en dan maak hy 'n man uit modder en blaas sy asem in die pop in (in die eerste weergawe word die mens as man en vrou aan die einde gemaak). Daarna plant die Skepper 'n tuin vir die mens. Dan sê Hy: dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Toe maak Hy die diere en bring hulle na die mens om daaraan name te gee en dit op te pas. God sien dan (steeds) dat dit nie goed dat die man alleen is nie. Dan maak hy 'n vrou vir die man uit een van sy ribbes. En so kan ons die verskille uitlig. Die punt is egter: Die Here God (God) is die Skepper in dit alles.

Duidelik het ons dus hier (as *genre*) met verhale, of stories te doen en moet 'n mens dit as sodanig lees. Dis dus nie 'n eksakte wetenskaplike beskrywing van hoe alle dinge tot stand gekom het nie. Dit is wel 'n tipe van verhalende geloofsbelydenis dat alles deur (die Here) God gemaak is, dat dit goed gemaak was, maar dat die kwaad en die ellende daarin gekom het deurdat die mens die verkeerde keuses gemaak het (Gen 3).

Dit sou dus oneerbiedig wees teenoor die teks om daaraan allerhande wetenskaplike, eksakte vrae te vra soos: waar het die eerste mense se kinders hulle vroue vandaan gekry? Of, hoe kon die eerste drie dae, dae gewees het (met 24 uur elk) as die son en die maan eers die vierde dag geskep is?

Wanneer hedendaagse natuurwetenskaplikes én/of gelowiges/Bybellesers, bekend met die navorsingsresultate van byvoorbeeld die fisika, geologie of biologie, hierdie getuigenis van Israel soos opgeteken in byvoorbeeld Genesis 1-2, of teenoor mekaar stel, of met mekaar probeer versoen, openbaar beide 'n gebrekkige literêre onderskeidingsvermoë. Beide kampe maak hulleself skuldig aan oneerlikheid deur die invloed van die *genre* van tekste ten opsigte van die interpretasie daarvan te neger.

Om Genesis 1 te gebruik om dit wat in 'n biologie handboek staan as leuens af te maak, is net so absurd as wat dit is om die Bybelse riglyne te volg om van swamme teen jou huis se muur ontslae te raak (Num. 14). Om Genesis 2 nou met dieselfde interpretasie model as byvoorbeeld Stephen Hawking se *Brief History of Time* te lees is so goed mens lees Marietta van der Vyver se novelle *Die dinge van 'n kind* aan die hand van dieselfde interpretasie model as Herman Giliomee se geskiedenisboek *Die Afrikaner*.

Om nou nog meer literêr-wetenskaplik te raak: Wat die *genre* van **Genesis 1** betref kan ons dit die beste beskryf as gestruktureerde prosa met mitologiese en etiologiese elemente daarin. Dit is belangrik om te onthou dat "mite" 'n literêre kategorie en **nie** gelyk is aan 'n leuen of 'n onwaarheid nie. **Mites** help mense nog altyd om te praat oor dit wat "voor die geskiedenis van die mens" lê. 'n **Etiologie** poog om 'n huidige verskynsel vanuit die verre verlede te verklaar.

Genesis 2 (en 3) is op sy beurt duidelik 'n verhalende teks. Eintlik is Genesis 2-3 meer as 'n skeppingsverhaal. Sommige verwys daarna as 'n "Tuinverhaal". Dié verhaal vertel nie alleen hoe alles tot stand gekom het nie, maar wil ook die teenwoordigheid van die kwaad en mense se gevoel van verwydering van God verklaar. Ook hierin vind ons mitologiese trekke en etiologie.

In albei gevalle vertel dit van 'n gebeurtenis ver, ver terug in die verlede, nog voor die bestaan van skryfkuns, wat oor en oor vertel is deur die gemeenskappe, van 'n tyd waarvan daar geen ooggetuies was nie, maar slegs wonderbaarlike voorstellings om uiteindelik hulle geloof in die God van die skepping tot uitdrukking te bring.

Verder, indien ons die onderskeie berigte of verhale oor die skepping goed wil verstaan, is dit belangrik dat ons ook sal kennis dra van ander skeppings- of oorsprongsverhale uit die destydse wêreld. In die verband dink ons aan Egiptiese, Ugaritiese, Mesopotamiese en Persiese literatuur. Baie van die motiewe wat ons in die Bybelse verhale teëkom, word duidelik wanneer ons kennis neem van die inhoud van hierdie literatuur wat uit dieselfde tyd dateer.

4.3 AS SAKRAMENTELE TEKS

Die Bybel is as geheel 'n geloofsboek. Daarom – en daarby ingeslote al die redes hierbo aangegee – lees ons dit as meer as slegs 'n historiese en literêre teks. Hou hierby rekening met die feit dat ons hier nou doelbewus besig is met 'n wetenskaplike hantering van die teks en nie 'n naïewe, op-die-klank-af-lees van die teks nie. Dan is die Bybel vir ons tog meer as die historiese konteks, meer as die literêre aard van die woorde en sinne.

Net soos wat die water met die doop méér beteken wanneer die sakrament bedien word – en die brood en die wyn meer beteken as brood en wyn wanneer die nagmaal bedien word, soos is die Bybelse teks ook meer as die somtotaal van sy historiese en literêre betekenis (sien 3.1 hierbo waar ons alreeds hiervan gepraat het).

Alreeds deur die Bybelse tekste in hulle onderskeie historiese beddings en na hulle eie literêre aard te lees, maar dan óók kragtens hulle historiese en literêre afstand ten opsigte van vandag se lesers, bevorder 'n diep eerlike en respekvolle lees van die Bybel as 'n versameling tekste van verskillende geloofsgemeenskappe oor millennia heen.

As Christen-gelowiges word/is dit daarom selfs nog meer, juis vanweë ons geloofsverhouding daarmee – en kan ons dit tipeer as 'n *sakramentele* ervaring. Wanneer ons as gelowiges die Bybel as *historiese en literêre* teks lees, spreek dit my daar aan waar ek bewus raak van die teenwoordigheid van God wat die Lewe self is. Hierin vind ons die sakramentele aard van die Bybelse teks, omdat dit vir ons meer sê as die woorde wat daar staan, omdat dit vir ons bring by 'n belydenis van God agter die woorde oor God, selfs God agter die woord “god”. Tot die mate wat dié misterie van die sakramentele betekenis mens oorrompel, vervaag die spanning tussen “geloof en wetenskap”.

Wanneer 'n mens Genesis 1-2 sakramenteel lees dan beweeg dit mens tot die belydenis dat die oorsprong van lewe in JHWH, die God van Israel, lê; dat die skepping/lewe inherent goed is; dat die grens tussen Skepper en skepsel paradoksaal duidelik maar ook vaag is en dat die mens geskep is om die goeie te bly kies.

BESPREKING

(Vir Groepgesprek – teks-studie) Voorbereiding:

1. Maak fotostate van die teks van Genesis 1-2.
2. Sorg dat elkeen 'n pen of potlood het.
3. Beklemtoon weer die feit dat ons die teks **literêr** en **histories** gaan benader.
4. Onthou ook dat in die ontstaan van die teks, sowel as in die lees en bestudering daarvan, die Gees van God in elke betrokke “gewerk” het – of aanwesig was/is. Ons benader dus die teks vanuit 'n geloofshoek, dat dit die Woord van God is.

Die Gesprek:

1. Laat die deelnemers hulle oë oor die teks van Genesis 1 en 2 gaan en omkring elke keer die woord vir “die Skepper”.
2. Wat is nou opvallend aan hierdie oefening? (die konsekwente verskil in die naam van “die Skepper”)
3. Bespreek onder mekaar die implikasies hiervan: As daar van Genesis 1: 1-2:4 konsekwent dieselfde benaming vir die Skepper is, terwyl die res van hoofstuk twee konsekwent weer anders is, wat sê dit vir ons?
4. Gestel ons sou aanneem (aanvaar) dat hier twee verhale is, laat die groep soveel verskille as moontlik aandui en bespreek die betekenis hiervan onder mekaar (byvoorbeeld die wyse waarop die mens/e gemaak is).

5. Wat is die implikasies vir ons dat die son en maan (en ander hemelliggame) eers op die 4de “dag” gemaak is (hoe was die eerste drie dae wel dae sonder hierdie hemelliggame)?
6. Histories en literêr-gesproke, wat is die betekenis hiervan?
7. Bespreek onder mekaar: Wat sou die sakramentele (spirituele/teologiese) betekenis van Gen 1-3 vir ons vandag wees?

5. NUWE TESTAMENT – MARKUS 5:1-21 AS VOORBEELD (BOSE GEESTE IN DIE VARKE)

5.1 AS HISTORIESE TEKS

Die Markus-evangelie word tweede van die vier evangelies aan die begin van die Nuwe Testament geplaas. *Evangelie* beteken “goeie nuus” of “blye tyding” en is so genoem omdat die verhaal van Jesus vir Christene op goeie nuus gedui het.

Johannes Markus is die waarskynlike skrywer van die Markus-gekskrif. Die evangelie is heel moontlik tussen die jare 65-69 nC geskryf. Hierdie datering maak dit die enigste evangelie van die vier in die Bybel wat geskryf is voordat die tempel in Jerusalem deur die Romeine vernietig is.

Hoewel die evangelie volgens Markus na alle waarskynlikheid in Rome sy ontstaan gehad het, is die geografiese plasing van die inhoud daarvan in Palestina – dus 'n terugblik na die geskiedenis van Jesus van Nasaret wie se lewe op aarde bietjie meer as twee dekades tevore met sy kruisdood tot 'n einde gekom het.

Ons herinner onself weer daaraan dat ons in hierdie deel van ons hantering van die verhouding tussen ons *Christelike geloof en die moderne wetenskap*, die Bybelse teks doelbewus met behulp van die wetenskaplike dissiplines wat ons daarmee help, lees. Soos die eerste paragrawe hierbo vir ons vanuit die historiografie en ontleding van die grondteks die teks as historiese teks dateer, speel die ander dissiplines van die wetenskap ook hulle bepaalde rol. Nie alleen help 'n sensitiwiteit vir die sosio-kulturele omstandighede waarin die teks ontstaan het nie, maar die mediese wetenskap en psigiatrie het in hierdie spesifieke teks 'n belangrike rol om te speel.

Die inhoud van hierdie gedeelte van die teks gaan oor 'n man wat tussen grafte gebly het en wat beskou is as iemand met (vir ons vanuit ons kenniswêreld) baie duidelike afwykende gedragpatrone – iemand wat as gevaarlik beskou was en wie se onbeteuelde krag bekend was in die gemeenskap.

Later sal ons die vraag vra of hierdie klem op 'n wetenskaplike diagnose van hierdie grafbewoner (die *Besetene van Gadara* soos hy in Bybelse taal bekend geword het) regtig die regte fokus is in die soeke na die eintlike bedoeling van die teks, destyds, maar ook vir ons vandag. Kom ons dink egter ter wille van die argument verder hieroor na:

Indien 'n mens vanuit die bevindinge van die betrokke dissiplines van die moderne wetenskap na hierdie beskrywing van 'n persoon kyk, met analise van sy gedragpatrone, sou 'n diagnose daarvan waarskynlik dui op een of ander psigiatrisse toestand. Iemand met 'n waan, of komplekse psigotiese toestand. Aan die hand van so 'n diagnose sou mens dan bepaalde behandeling voorskryf wat voorgeskrewe medikasie en/of die opname in 'n psigiatrisse hospitaal vir waarneming en toepaslike behandeling (onder meer chemiese toediening, medikasie en/of terapie) insluit.

In die tyd van Markus was hierdie soort kennis en behandeling egter nog nie beskikbaar nie. Eers met die ontwikkeling van die moderne mediese wetenskap, psigiatrie en verwante dissiplines kan hierdie toestande deur observasie waargeneem en geïdentifiseer word en so 'n diagnose en behandeling sou dan op 'n bepaalde prognose (verwagte uitkoms) kan dui.

In die voor-wetenskaplike konteks van die Bybelse geskryfte is vreemde, ongewone en selfs onhanteerbare gedragsverskynsels op ander maniere verklaar. Siekte en vreemde gedragpatrone is in die Nuwe-Testamentiese tyd toegedig aan 'n stryd tussen of met geeste in so 'n persoon. Daar was goeie

geeste (gewoonlik in verband gebring met verskillende gode, selfs engele of God) en slegte/bose geeste (gewoonlik in verband gebring met die duiwel/Satan). Oor die hele historiese spanwydte van die ontstaansgeskiedenis van die Bybelse geskifte (van ongeveer 1,500 jaar) is daar nie altyd op dieselfde manier hieroor gedink nie.

In die grootste gedeelte van die Ou Testament, byvoorbeeld, lees ons nooit van bese geeste, bese gode of die duiwel/Satan nie. Die stryd was eerder om Israel se ontrou aan die Here, deur agter "ander gode aan te loop". Hierdie gode was in sommige gevalle pure illusie, terwyl mense in ander gevalle geglo het dat hulle werklik was. Dit is alom bekend dat die Nuwe Testament 'n ander siening oor die geesteswêreld het, sterk beïnvloed vanuit die kontak wat die ballinge gehad het gedurende die ballingskapydperk in Babilonië/Persië. Die punt is egter dat hierdie geestelike stryd (om beheer en besit van die mens) sigself voltrek het binne-in 'n individu, of groep van individue.

Maar eintlik is al hierdie opmerkings en verduidelikings vanuit die moderne wetenskap in 'n sekere sin minder relevant vir ons verstaan van die bedoeling van hierdie teks, omdat dit (moderne wetenskaplike) vrae wil vra aan 'n teks wat hierdie soort vrae en hierdie benadering nie ondersteun nie. Waaroor gaan dit dan hier?

Die hele eerste helfte van Markus speel af in Galilea in die noorde van Palestina. Die See van Galilea is sentraal. Drie keer gaan Jesus en sy dissipels per boot oor na die ander kant van die See, en een keer te voet. Die "ander kant" was heidense gebied – die mense se kultuur en politiek was anders as die van die Jode. Die Jode het "die ander kant" sover as moontlik vermy, **maar Jesus steek hier die vreesloos grense van vermyding en verbod oor**. Hy betree die land van die Gadaréners (aan die ander kant van die See), wat ook die oostelike grens van die Romeinse ryk was. Baie veterane van die weermag het hulself daar gevestig – hulle het die verowerde land ontvang as betaling vir hul diensplig.

Jesus word met sy aankoms onmiddellik gekonfronteer deur 'n man met 'n *onrein gees*. (iets wat uit sy plek is, is in die destydse wêreld as "onrein/vuil" geklassifiseer. Die teks beduie dat die man 'n "vuil/onrein gees/asem/wind" in hom gehad het. In die eerste eeuse Mediterreense wêreld waarvan die Judeërs en Galdeërs ook deel was, is geglo dat mense wat nie 'n onmiddellike of behoorlike begrafnis ontvang het nie, se gees met hulle dood nie tot rus kom nie. Dink byvoorbeeld aan 'n soldaat wat op 'n slagveld sterf, of iemand wat verdrink. 'n Onrein gees" kon ook met 'n soen op die mond oorgedra word. Alhoewel die Griekse teks praat van "onrein gees", is dit belangrik om deurgaans die historiese konteks te respekteer. "Onrein" was in die Nuwe Testamentiese wêreldbeeld nie net iets wat vuil was nie. Dit was veel meer as fisiese "vuilheid". Dit was eerder gelyk aan "boos".) Vir Joodse lesers, soos ook Jesus se volgelinge wat saam met hom gereis het, **was hierdie konteks in vele opsigte verskriklik onrein**: 'n (heidense) begraaftplaas sowel as varke was buite perke volgens die reinheidskode van die Jode (vergelyk Jesaja 65:4). **Jesus tree nie net vreesloos in die storm op nie; hy is ook hier vreesloos in die teenwoordigheid van onreinheid.**

Markus beskryf die besetenheid as 'n toestand wat van die man 'n gevangene maak, 'n toestand van geïnternaliseerde onderdrukking: hy leef tussen die dooies, hy roep uit en hy doen mee aan selfdestruktiwe gedrag. Die besetene wat deur niemand meer gebind kan word nie, kom nou te staan voor die "sterker een" (sien 1:7) wat verklaar het dat hy die "sterk man sal bind" (3:27). Net soos met die uitdruwing van die demoon in die sinagoge in Kapernaum (Markus 1), protesteer die onrein gees hier met verontwaardiging en vrees: "Wat doen jy hier!" (5:7). Tog is dit opvallend dat Jesus nie met sy Joodse titel aangespreek word nie ("Heilige Een van God"), maar met die Hellenistiese titel "Seun van die allerhoogste God".

Jesus verhang die bordjies en vra die onrein gees na sy naam, en die antwoord wat hy kry is merkwaardig: "My naam is Legioen, want ons is baie." ("Legioen" beteken letterlik "duisende".) In die wêreld van Markus het hierdie Latynse term sonder uitsondering verwys na 'n afdeling van Romeinse soldate. Vier van hierdie legioene was in Sirië gestasioneer om die oostelike grens, Palestina inkluis, te beheer. En nou, in die teenwoordigheid van Jesus, smee die intimiderende militêre mag (Legio/Legioen) - in werklikheid so magtig dat niemand hulle kan tem nie - vir Jesus om hulle asseblief tog nie uit die land uit te verban nie (5:10). Jesus neem Legioen se versoek in ag, verban hom/hulle nie uit die land uit nie,

(maar wel uit die man!) deur hulle in die trop varke in te stuur. Wat egter nou gebeur is eintlik skreeusnaaks – die varke storm soos 'n troep waansinnige soldate gereed vir die oorlog by die krans af en in die see in, hulle eie dood tegemoet.

Uit die aard van die saak was die dorp se inwoners nie opgewonde oor die verlies aan hulle varke nie. Toe hulle ook nog die besetene geklee en rustig en kalm aan Jesus se voete sien sit, was hulle baie verward en onseker. Hulle het Jesus toe gevra om hulle gebied te verlaat omrede hulle bang was hy gaan hulle nog skade berokken.

Jesus en sy dissipels klim in die skuit om weg te vaar, maar die man wil saam. Jesus stuur hom egter terug na sy mense toe. Waar Jesus aan die Israelitiese kant en in Judea mense opdrag gee om stil te bly oor wie hy is, beveel hy hierdie man om in die hele gebied van Dekapolis te gaan vertel wat met hom gebeur het.

5.2 AS LITERÊRE TEKS

Dit is opvallend dat Markus, wat gewoonlik kort en op die punt af skryf, hier uitermate **omslagtig** is met sy vertelling. Om die een of ander rede kies hy om baie deeglik te wees wanneer hy hierdie gebeurtenis boekstaaf. 'n Mens kan die styl van die teks tipeer as 'n **verslaggewer-styl**. Die verhaal is **vol aksie** met vertellings in die teenwoordige tyd. Dit betrek die hoorders in die gebeure om hulle te lei tot identifikasie met verskillende persoonlikhede in die verhaal. Sommige dalk met Jesus se dissipels, of ander met die man met die onrein gees, of met die dorpenaars wat veroordelend toekyk ... **Uiteindelik gaan dit egter om die versterking van hulle vertroue in Jesus as die vreeslose een, die een wat oor die mag beskik om selfs storms en onrein (bose) geeste te tem en mense te genees.**

Ons sien dit juis in die vertelling wat hierdie gedeelte voorafgaan. Dit vertel van die storm op die see wat lewensbedreigend was vir Jesus en diegene saam met hom in die skuit. Die kontras tussen Jesus wat slaap te midde van die storm (hulle moes hom wakker maak) is opvallend. Eers bestraf hy die wind, en dan sê hy vir die see om te bedaar. Op die stilte wat volg lees ons: "Hulle is met groot ontsag vervul en het vir mekaar gesê: 'Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?'" (Markus 4:35-41). Beide die verhale (die storm op die see en die besetene aan die ander kant van die see) wil die lesers en/of hoorders tot geloof beweeg.

Dit is dus duidelik dat hierdie gebeurtenis nie somer maar net 'n vertelling is om van kennis te neem nie. Dit is 'n vertelling wat verandering in die lesers/hoorders teweeg wil bring. Dit is 'n teks wat wil **konfronteer en oortuig**.

Die teks is **beskrywend** van aard. Met Markus se uitvoerige beskrywing van die voorkoms en gedrag van die besetene (sien historiese teks), wil hy aantoon tot watter mate die man 'n uitgeworpene was. Destyds is iemand as 'n persoon met 'n onrein gees gebrandmerk indien hy enige van die volgende gedrag geopenbaar het: as 'n mens in 'n graf geslaap het; as 'n mens voortdurend jou klere geskeur het; as 'n mens snags rondgedwaal het; en as 'n mens goed wat jy ontvang, gebreek het. Hierdie man vertoon al hierdie eienskappe.

Die teks is vol van **verrassende elemente** wat die lesers/hoorders laat wonder. Die eerste is dat Jesus die konvensionele grense tussen Joods en nie-Joods (heidens), asook tussen rein en onrein doelbewus oorsteek. Die volgende verrassingselement is dat die man met die onrein gees heeltemal buite sy aard reageer wanneer Jesus daar aankom. Hy val Jesus nie aan nie, maar val voor hom neer. In plaas daarvan om Jesus uit te daag, onderwerp hy hom aan Jesus en roep uit "Wat het ek met jou te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God?"

Destyds se mense was oortuig dat die wêreld hiërargies gestruktureer is. Heel bo was (G)god, dan die mindere gode, dan allerlei geeste, daarna heilige manne en heel onder die gewone mense. Binne hierdie hiërargiese struktuur weet die "onrein gees" wat in die man is, dat hy in Jesus met sy meerdere te doen het - hy besef dat hy in Jesus met die Allerhoogste self te doen het. (Soos vantevore erken die onrein gees Jesus se gesag nog voordat die mense weet wie (Wie) en wat hulle in Jesus het.)

Ons kry ook elemente van **personifikasie** in die teks. Die onrein gees kry 'n naam en Jesus gaan met hom/hulle in gesprek asof met 'n persoon. Die gees identifiseer homself dan as Legioen, "want ons is baie". Die feit dat hy Jesus dadelik antwoord, bevestig dat Jesus meer is as net een van die heilige manne. Destyds was geeste as verhewe bo heilige manne beskou. Heilige manne moes eers allerlei "toertjies" uitvoer om geeste se naam te bekom. Jesus is egter verhewe bo hierdie gees. Die feit dat Jesus net vra en die onrein gees antwoord dadelik, bevestig Jesus se posisie bo die geeste.

Wanneer die gees homself by name "Legioen" noem, sou hierdie naam vir die lesers/hoorders van destyds onmiddellik gelaai wees met betekenis. Hy sê soveel meer as net sy naam. Hy roep die hele militêre konteks van daardie tyd en plek op. Die gemeente in Rome aan wie Markus skryf, sou dadelik in Grieks die verband met die Romeinse soldate in Rome gehoor het. Die Romeinse legioene was voorwaar baie en teen hulle het onder meer die Christene geen verweer gehad nie. Nadat keiser Nero 'n deel van die stad Rome aan die brand gestee het, het hy die vinger na die navolgers van Jesus gewys. Hulle is gevolglik dikwels gejaag, gevang en moes deel uitmaak van die lewensgevaarlike barbaarse spele en vertonings in die Colosseum. Hier het honderde van hulle gesterf. Onder hierdie skrikwekkende omstandighede hoor gelowiges hoe Legioen in die teenwoordigheid van Jesus reageer.

Ons tel dus hier 'n baie belangrike subversiewe lyn in die storie op – as't ware die storie agter die storie, die onderliggende boodskap aan die vertelling. En die leidraad daartoe is in die eerste plek opgesluit in die naam van die onrein gees, "Legioen". G'n wonder dat die verhaal van hier af verder deurspek is van militêre beelde en taal nie.

Die onrein gees (van nou af kan ons maar met vrymoedigheid praat van "Legioen" - ons ken mos nou die naam van die gees) vra Jesus om hom asseblief nie uit die streek weg te jaag nie, maar eerder in die varke in te stuur. Onrein geeste wou nie rondswerf nie. Hulle wil in mense of diere wees, solank hulle net iewers 'n tuiste kan hê. Anders as die Jode, wat nie met varke geboer het nie (omdat hulle as onrein diere beskou was) het die "mense van die ander kant" waar Jesus en sy dissipels hulle nou bevind, wel met varke geboer. Legioen hoort tuis in onrein diere en daarom laat Jesus toe dat hy/hulle in die varke invaar.

Die **sarkasme en humor** in die vertelling is aansteeklik: Legioen pleit om in 'n "trop" varke ingestuur te word – die Griekse woord vir "trop" verwys gewoonlik na 'n groep soldate. Nou storm die varke (met die legioene binne in hulle) by die heuwel af soos troepe wat in 'n geveg in storm (5:13). Die humoristiese is dat Legioen dieselfde oorkom as Faraó se weermag – hulle word deur die see ingesluk. In 'n sekere sin sou mens dalk selfs kon sê deur hul versoek aan Jesus om hulle in die varke in te stuur, 'n vorm van selfmoord is (al het hulle dit dalk nie eens geweet nie – die ironie word net nog groter)! Die gebeurtenis beeld dus die stryd uit tussen God se heerskappy en die Romeinse ryk – baie duidelik 'n boodskap aan die Christene in die aangesig van vervolging deur Nero en sy Legioen soldate van die Romeinse ryk.

Dat die dorpelinge ten aanskoue of aanhore van wat gebeur het, vir Jesus vra om hulle omgewing te verlaat, dui op hulle onbegrip oor die gebeurtenis wat homself afgespeel het. Alhoewel hulle nie verstaan het nie, is hulle met groot ontsag vervul toe hulle sien dat die man gesond is. Dié reaksie toon dat hulle aanvoel dat hulle hier met iemand met bomslike (en, binne hulle verstaansraamwerk van die geestewêreld, selfs bogoddlike) mag te doen het.

Soos die vorige verhaal (4:35–41) eindig ook hierdie verhaal met mense se **verwondering** oor Jesus. Die verhaal lei as't ware sy lesers/hoorders tot verwondering. Soos in baie ander vertellings in Markus, word die wonder gebruik om te beklemtoon dat Jesus die Messias, die Seun van God is wat heers oor alle dinge. Alle magte is aan Hom onderwerp, die natuur en ook die wêreld van die geeste. Hy is nie alleen vreesloos in die storm op die see nie, maar stap ook vreesloos die land van die "ander mense" binne (waar hulle met varke boer) en openbaar sy mag oor die onreine/bose gees/vuil asem, deur hulle binne die varke te vernietig.

Van die begin af word die lesers dus begelei om te sien wie Jesus is, al verstaan die dissipels en ander mense dit nie. Die vraag is: Sal hulle inderdaad sien? Kan hulle die keuse maak waarvoor die teks hulle stel?

Want dit is wat die teks ten diepste doen – **Dit is nie bloot ‘n verslaggewing ter wille van verslaglewering nie. Hierdie verslag, en die manier waarop dit gelewer word, noop die lesers/hoorders om elkeen self ‘n daadwerklike keuse te maak met betrekking tot hulle verstaan van Jesus, en dan ook sekondêr hieraan – hulle verstaan (of gebrek daaraan) van die relatiewe mag van die bese wat in ander sisteme opgesluit lê. Die teks het ‘n baie sterk konfronterende styl.**

5.3 AS SAKRAMENTELE TEKS

Wat is die betekenis van hierdie teks vir ons wat in so 'n totaal ander tyd en wêreld lewe as in die tyd van Jesus (en Markus)? Wat leer ons hieruit wat meer as die woorde van die beskrywing van hierdie ervaring is?

Ons weet dat hierdie teks sy ontstaan gehad het in die tyd toe die Romeinse ryk allesoorheersend was. Indien ons aanvaar dat die teks sy oorsprong in Rome gehad het, dan kan ons ook aanvaar dat die vroeë Christene, die eerste lesers van hierdie geskrif, ook bekend was met die vele gode van die Romeine en al die mitiese verhale wat met hierdie godsdiens gepaard gegaan het. Ook die Griekse mitologiese wêreldbeeld, waarin daar vele gode soos Zeus, Thor (god van die donder), Neptunis (god van die see/waters) met hulle onderskeie “lewensverhale” was – en wat die Romeine in hulle geloof in die veelgodedom geïntegreer het – was aan hulle bekend. Die skouspelagtige tempels en boukonstruksies van die Romeins-Griekse wêreld was deurspek met simboliek van die veel-godedom van die Hellenistiese tydperk. Die Grieke en Romeine het geglo dat hierdie gode die wel en wee van die mense beïnvloed het.

Teenoor hierdie sterk gode was verhale soos hierdie uit die geskiedenis van die Joods-Christelike wêreld belangrik om mense se geloof in Jesus (en die God van Jesus, met wie Hy volgens sy eie getuienis een was) te versterk.

Die dieper betekenis van hierdie teks, die verhaal van die bese geeste (onrein geeste) wat in die varke ingevaar het, was 'n duidelike demonstrasie van die mag wat Jesus gehad het (so het hulle geglo) om nie alleen die respek van hierdie (ander) geeste aft e dwing nie, maar om hulle dan in die mees veragtelike onrein diere van almal, die varke te laat ingaan – en hulle dan nog boonop die see-in te laat storm, hulle dood tegemoet. Die onmiddellike skriftelike konteks van hierdie vertelling is die uitdaging tot geloof in Jesus wat as Seun van God die mag oor alle magte in die natuur en in mense het. Ook dat Jesus vreesloos heers oor die magte (storm en onreine gees) en hierdeur grense oorsteek na selfs die “mense van die ander kant”.

Hierdie vertelling herinner sterk aan die woorde van Paulus aan die gemeente in Rome: “Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bese magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.” (Romeine 8: 38-39).

Dit sou 'n baie belangrike en bepalende boodskap wees vir die Christene wat alreeds op die mees brutale manier deur Nero gemartel en gedood is, naamlik dat Christus inderdaad *kurios* (Here) is en nie keiser Nero nie – dat niks wat ons in ons lewe kan ervaar ons ooit die liefde van God kan laat kwytmaak nie. Hierin moet die volgelinge van Jesus glo.

Vir ons wat leef in 'n tyd waarin ons wêreldbeeld in besonder ook deur die heersende (Westerse) wetenskaplike dissiplines geïnformeer word, geld hierdie boodskap van bemoediging en troos steeds. Ook ons weet dat ons geloof in God, die Vader van ons Here Jesus Christus gedra word deur die oortuiging dat niks met ons kan gebeur waarin ons aan die liefde van God vir ons hoef te twyfel nie. En al dink almal binne die Christelike geloofstradisie vandag nie presies dieselfde oor die bese (geeste) nie, is ons dit met mekaar eens dat ons onself met oorgawe beywer vir die oorwinning van die lig oor die duisternis. Dit gebeur ook in ons elkeen se eie persoonlike lewe, omrede ons glo dat die Bron van lig ons telkens onder nuwe omstandighede met ons is en deur die Heilige Gees verlig.

BESPREKING

(Vir Groepgesprek – teks-studie)

Voorbereiding:

1. Maak fotostate van die teks van Markus 5:1-20 uit die nuwe *Direkte vertaling*.
2. Sorg dat elkeen 'n pen of potlood het.
3. Beklemtoon weer die feit dat ons die teks **literêr** en **histories** gaan benader.
4. Onthou ook dat in die ontstaan van die teks, sowel as in die lees en bestudering daarvan, die Gees van God in elke betrokke "gewerk" het – of aanwesig was/is. Ons benader dus die teks vanuit 'n geloofshoek, dat dit die Woord van God is.

Die Gesprek:

1. Laat die deelnemers hulle oë oor die teks van Markus 5 gaan en omkring elke keer die woord "onrein gees(te)" en "legioen".
2. Teken die gedrag wat die "besetene" getoon het aan, m.a.w. maak 'n lysie van die dinge wat oor sy gedrag gesê word.
3. Bespreek onder mekaar hoe ons vandag oor sulke tipe gedrag dink/oordeel. Sou ons dit ook vandag 'n naam/name gee/benoem em indien wel, hoe sou ons dit benoem of watter naam/name sal ons dit gee?
4. Bespreek nou die volgende paragraaf in die teks: "Maar eintlik is al hierdie opmerkings en verduidelikings vanuit die moderne wetenskap in 'n sekere sin minder relevant vir ons verstaan van die bedoeling van hierdie teks, omdat dit (moderne wetenskaplike) vrae wil vra aan 'n teks wat hierdie soort vrae en hierdie benadering nie ondersteun nie. Waarvoor gaan dit dan hier? "
5. Deel met mekaar wat die boodskap in die lig van die historiese en literêre konteks van die gedeelte moontlik vir die mense van destyds kon beteken het – die breër konteks van Jesus wat groter is as "die magte" van die natuur?
7. Bespreek onder mekaar: Wat sou die sakramentele (spirituele/teologiese) betekenis van Markus 5:1-20 vir ons vandag wees, met veral verwysing na die oorsake van grense?

6. BELYDENISSKRIFTE – ARTIKEL 12 VAN DIE NGB AS VOORBEELD

Ons het nou 'n bepaalde hermeneutiese benadering ten opsigte van die Bybelse teks hanteer. Om nou hierdie leesbenadering ook op die Belydenisskrifte toe te pas, is gekies om Artikel 12 op dieselfde manier aan te bied (sien ook belangrike opmerking aan einde van hier dokument met verwysing na **BYLAAG 5**).

Artikel 12, as deel van die Nederlandse Geloofsbelydenis, het in 'n baie besondere historiese konteks ontstaan – 'n **datering wat veral belangrik is vir die onderwerp van *Ons Christelike Geloof en die Wetenskap***. Dit het ontstaan gedurende die 16de eeu in Wes-Europa (by name Nederland, Frankryk en Engeland). Hierdie geskiedenis het tot gewelddadige vervolging gelei, as deel van die protes (Protestante) teen die Rooms-Katolieke Kerk. As sodanig verteenwoordig dit deel van die skriftelike neerslag van die Hervormings-gesinde Christene. In sy huidige formaat (as 36 Artikels) is dit uiteindelik by die eerste Gereformeerde Sinode van 1618-1619 in Dordrecht, Nederland saam met die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls as die *Drie Formuliere van Eenheid* aanvaar.

6.1 AS HISTORIESE TEKS

Die geskiedenis van die Nederlandse Geloofsbelydenis is 'n aangrypende verhaal. Wat hier volg is 'n kort oorsigtelike weergawe daarvan om 'n idee te gee van 'n verhaal van ontdekking en stryd, hoop en vervolging, geseënde bediening en erge marteling – 'n verhaal van geloof tot die dood toe.

Guido de Bres, die oorspronklike opsteller van die belydenisskrif, is in Bergen in die suide van Nederland in 1522 gebore. Sy ma was 'n toegewyde Rooms-Katolieke Christen. Op 18 kom hy in besit van 'n Bybel, wat met die lees daarvan, hom bewus maak van die dwalinge in die Rooms-Katolieke Kerk. Hy kom ook in aanraking met die denke van Luther en Calvyn en word diep beïndruk deur die Bybelse leer van *volle evangelie van vrye genade*.

Jaartalle (datums) is hier van belang. In 1517 (voor De Bres se geboorte al) slaan Luther sy 95 Stellinge teen die leer van die Rooms-Katolieke Kerk op die deure van die kerkgebou in Wittenberg vas. Een van die eerste dinge wat Luther gedoen het, was om die Bybel in Duits te vertaal. Die Bybel was dus alreeds meer geredelik tot beskikking van gewone mense en die protes-aksie teen die kerk was in volle gang.

Dit is belangrik om te onthou dat diegene wat in daardie tyd teen die Rooms-Katolieke Kerk in protes gekom het (Protestante genoem), nie wou wegbreek van die Kerk nie, maar gehoop het op 'n hervorming van die RKK. In sy 25ste jaar skaar De Bres hy hom dan openlik by die Hervorming. Dit sou hom die res van sy lewe duur te staan kom.

Kort daarna moes hy vir sy lewe vlug na Engeland, toe die vervolging teen die Hervorming-gesindes ook in sy tuisdorp, Bergen, losbars. Dit sou die begin wees van 'n lewe van vlug en wegkruip, maar ook van 'n geseënde bediening van prediking, met skryf tussendeur. Uiteindelik het hy ook onder Calvyn studeer.

In 1552 keer hy terug na sy tuisdorp, trou en begin met 'n gesin, maar sou voortdurend gedwing word om voor die inkwisisie te vlug. Die meeste van sy geskifte word in die proses vernietig en uiteindelik bevind hy homself in die tronk waar hy 'n gewelddadige marteldood in 1567 sterf. Tog is van die mees aangrypende evangeliese troosboodskappe deur hom uit die tronk aan sy vrou en medegelowiges – ook mede gevangenis – geskryf om hulle te bemoedig en as Christengelowiges tot 'n lewe van blydschap aan te spoor.

Alreeds in 1561 word sy belydenisskrif, wat later (hoewel gewysig) bekend sou staan as die Nederlandse Geloofsbelydenis, deur die gemeente van Antwerpen aanvaar. Dit was in dieselfde jaar, in die nag van 1-2 November, dat hierdie belydenis in 'n pakkie oor die muur van die kasteel in Doornik in België, gegooi is, as 'n daad van hoop dat die vervolging teen die Hervorming-gesindes gestaak sou word. Daar was 'n brief by met 'n aangrypende pleidooi om hierdie nuwe godsdienstige beweging goedgesind te wees. By die Sinode van Emden in 1571 word hierdie belydenis, na verskeie wysigings daaraan gedoen is, aanvaar – juis ook as 'n uitdrukking van eenheid tussen die Nederlandse en Franse (Hervormde) Kerke.

As sodanig aanvaar die eerste Gereformeerde Sinode in Dordrecht (1618-19) hierdie belydenis as die Nederlandse Geloofsbelydenis, saam met die Heidelbergse Kategismus en die Dortse Leerreëls, as hulle belydenisgrondslag.

Die Nederlandse geloofsbelydenis is dus gebore uit 'n geskiedenis van stryd en vervolging – maar het paradoksaal uiteindelik gedien as 'n instrument van samebinding, vrede, eenheid en versoening tussen die Hervormers van Nederlandse en Franse afkoms.

As historiese teks dateer dit uit die tyd van die ontwaking van die moderne wetenskap. Kopernicus was ook 'n Rooms-Katolieke priester in Pole. Galileo was 'n goeie vriend van die destydse pous, maar hulle bevindinge is aanvanklik doeltreffend deur die kerk se strukture onderdruk. Eers in 1632 is Galileo se bevindinge in Nederland gepubliseer.

Maar, ten spyte van die feit dat die teks van die NGB uit dieselfde tydperk as die ontwakende moderne Westerse wetenskap dateer, is dit betekenisvol dat daar geen beïnvloeding was van die opkomende moderne Westerse wetenskap op die belydenisskrifte uit die 15^{de} 16^{de} eeue van die Hervorming nie. As sodanig is die Nederlandse Geloofsbelydenis (Artikel 12) 'n voor-wetenskaplike teks – wat vir ons onderwerp van die verhouding tussen ons Christelike geloof en die wetenskap bepalend is.

'n Meer duideliker “bewys” dat die opkomende moderne Westerse wetenskap nie die teks van die NGB geïnformeer het nie, is Artikel 4 waar oor die boeke van die Bybel gepraat word en byvoorbeeld die eerste 5 boeke (geskifte) aan Moses toegedig word. Ook dat Dawid die Psalms geskryf het en Paulus die Hebreërbrief. Selfs in die eerste Afrikaanse vertaling van 1953 word dit nog so aangedui. Navorsing deur literêre dissiplines op die Bybelse teks het intussen aangetoon dat hierdie beskouing oor die skrywers van die Bybelboeke nie akkuraat is nie.

Daar word egter nie (meer in ons tyd) oorweging daaraan gegee om hierdie onjuisthede reg te maak nie, **omdat die behoud daarvan juis dui op eerbied en respek vir die teks binne sy eie historiese ontstaansgeskiedenis.** Dan besef 'n mens dat dit nie “foute” is nie, nee. Die skrywer(s) van die teks het hulle kennis en konsepte ontleen van die bestaande kennis en beskouinge van daardie betrokke tydperk. Hulle het/kon nog nie met die kennis van die moderne wetenskap skryf nie – omdat dit nog nie bestaan

het nie. **Hierdie is 'n baie belangrike insig om aan vas te hou in die vertolking van geskifte uit die voor-wetenskaplike tyd in ons tyd, vir ons tyd.**

Teen hierdie agtergrond het die NG Kerk byvoorbeeld oor Artikel 36, wat die ideale verhouding tussen die kerk en die staat uitspel, bepaalde besluite in 2002 geneem om dit te vertolk in ons tyd. 'n Letterlike verstaan van hierdie artikel, waarin die staat opgeroep word om teen die anti-Christelike magte te stry en die wederdopers teen te staan, kon waarskynlik van toepassing gewees het op die 16de eeuse Europa tydens die geweld wat die Protestantse beweging tot gevolg gehad het. Terwyl in ons Suid-Afrikaanse situasie, waar ons met 'n moderne, sekulêre, konstitusionele demokrasie te doen het, die kerk in 'n ander verhouding tot die staat staan – en inderdaad ook teenoor ander groepe wat van die kerk verskil – in 'n multi-kulturele, multi-godsdienstige land.

Dat ons in Artikel 12 eweneens te doen het met 'n voor-wetenskaplike teks in die beskrywing van die ontstaan van die skepping en die onderskeie (hemelse) wesens, engele en geeste, moet dus as 'n gegewe vanselfsprekend aanvaar word. Daarom behoort die kerk, soos wat die geval was met Artikel 36 (soos in die vorige paragraaf as voorbeeld verduidelik), dit in ons tyd histories en literêr lees om uiteindelik ook by die bedoeling (boodskap) van die artikel uit te kom.

6.2 AS LITERÊRE TEKS

As literêre teks is die Nederlandse Geloofsbelydenis 'n **belydenisskrif**. Dit sien ons duidelik met die eerste twee woorde “**Ons glo**” wat deurgaans die draer is van hierdie *genre* deur die teks heen. Dit is 'n baie spesifieke soort teks (*genre*) met eie karakter en moet as sodanig gelees en verstaan word. Kom ons kyk na Artikel 12:

Artikel 12: *Ons glo dat die Vader, toe Hy dit goedgedink het, deur sy Woord, dit wil sê deur sy Seun, die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het. Hy het aan elke skepsel 'n eie wese, gestalte en voorkoms en onderskeie take gegee om sy Skepper te dien. Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien. Sommige van die engele het uit die verhevenheid waarin God hulle geskep het, in die ewige verderf geval, maar die ander het deur die genade van God in hulle oorspronklike toestand volhard en staande gebly. Die duiwels en bose geeste het so ontaard dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is. Soos moordenaars loer hulle op die kerk—ook op elke lidmaat—om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes. Daarom staan hulle deur hulle eie boosheid veroordeel tot die ewige verdoemenis en verwag hulle daaglik hulle verskriklike pyniging. Daarom verfoei ons ook die dwaling van die Sadduseërs, wat ontken dat daar geeste en engele is; ook verwerp ons die dwaling van die Manigeërs, wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en reeds van nature sleg is en nie sleg geword het nie.*

Die aard van 'n geloofsbelydenis is om 'n bepaalde geloof in God, of 'n konsepsuele werklikheid, te verwoord, op so 'n manier dat dit mense van dieselfde oortuiging saambind en ander wat nie daarmee saamstem nie, uitsluit. Alhoewel dit dus op 'n bepaalde rasionaliteit aanspraak maak en dus 'n waarheid stel en verdedig – ter wille van oortuiging – is dit nie op dieselfde vlak as 'n empiriese wetenskaplike teorie waar nie. Juis omdat dit ten diepste oor God gaan – en daarom oor **geloof**. Dit gaan ten diepste oor die onsienlike dinge. En die Een wat buite ruimte en tyd is.

Wat ons dus hier het, is nie 'n wetenskaplike (in die moderne Westerse wetenskaplike sin van die woord) teks nie, maar 'n geloofsbelydenis. Dit wil ook nie allerhande vrae oor die skepping of die ontstaan van buitengewone wesens vanuit 'n heersende (Westerse) wetenskaplike vertrekpunt behandel en beantwoord nie. As uitdrukking van bepaalde geloofsoortuigings, het die teks van 'n belydenisskrif wat oor God en die daade van God gaan, 'n baie spesifieke karakter. **Dit is geloofstaal, ja belydenistaal en nie 'n Westerse, wetenskaplike uitspraak nie.**

Dit beteken nie dat die belydenisskrifte en die heersende (Westerse) wetenskap absoluut uitsluitend is en nie kreatief op mekaar betrek kan word nie. So hoef die perspektief op engele wat in die Bybel en artikel

12 veronderstel word nie uitgeskuif/afgewys te word as/na die sfeer van die "onwetenskaplike", blote fantasie of verbeeldingsvlug(te) nie.

Oor die bestaan van bese geeste en engele is daar duidelik vir die Bybelskrywers en die skrywers van die NGB geen kwessie nie. Ons erken dus dat die NGB bely dat die bese geeste en engele 'n rol speel in die wêreldgeskiedenis, maar hoe dit presies gebeur, daarvoor is daar baie ruimte vir gesprek, verskil en debat. Hulle sien dit as werklikhede en skryf bese gebeure direk toe aan hulle invloed, sonder om die mens se eie skuld of verantwoordelikheid vir keuses te misken.

Teenoor byvoorbeeld die verskrikking en vrees (selfs angs) vir die duivel en sy hele ryk van bese geeste wat deur die geskiedenis heen en vandag soms nog in sommige se boodskap sentraal staan, wil hierdie artikel dit duidelik maak en bely dat God alles gemaak het. Teenoor die siening dat die bese 'n oermag is wat los van God bestaan, word die belydenis dat alles uit, deur en tot God is, en dat alle sienlike en onsienlike dinge deur Hom geskape is, ronduit bely. Vir gelowiges is dit 'n geweldige troos.

Verder, engele is in ons taal nie natuurlike verskynsels wat aan die hand van moderne, Westerse empiriese, wetenskaplike meetinstrumente bestudeer kan word nie, maar eksistensiële figure wat nie gemeet kan word nie. Ons konsepsies van rasionaliteit en realiteit, en van wetenskap word deurlopend bedink met onder meer die gevolg dat daar ten minste in sommige kringe vandag 'n groter toleransie is vir vorme van ervarings wat nie korrespondeer met die dominante natuurwetenskaplike wyses van kennisverwerwing nie.

Net soos wat dit 'n fout sou wees om vir die teks oor die besetene van Gadara allerhande vrae uit die psigiatrie, mediese wetenskap en verwante dissiplines van die laat-moderne tyd te vra, is dit 'n onreg wat die teks van die NGB aangedoen word as 'n mens rasonele en empiriese kategorieë wil aanlê in die vertolking van die inhoud daarvan.

Met ander woorde, om dit eenvoudig en duidelik te stel: die teks van die NGB kan nie as rasonele bewys (in die wetenskaplik sin van die woord) dien vir die bestaan van allerhande geestelike en hemelse wesens nie. Dit is ook nie die bedoeling van die teks om dit te doen nie. **Die bedoeling van die teks is om die geloof in die werklikheid en destruktiewe aard van die boosheid op aarde sonder twyfel te bely.**

Juis omrede dit belydenisskrif en nie wetenskaplike handboek nie, hoef ons die geskrif nie te herskryf of oor te giet in ons eie 21-eeuse geloofstaal nie. Dit sal die dood van die Belydenisskrifte beteken wat ons voorgangers se lewe gekos het. Dit sal 'n daad van oneerbiedigheid wees – 'n gebrek aan respek vir die eeue-oue teks, maar ook 'n gebrek aan respek vir die opstellers daarvan. Wat ons wel kan en móét doen, is om hierdie teks met verantwoordelikheid te lees – inaggenome al die faktore wat nodig is om die teks binne konteks te verstaan.

En om dan hermeneuties met die teks om te gaan (presies soos wanneer ons Bybeltekste soos bv Genesis 1-2 of Markus 5 lees), en die vrae te stel: In die lig van waarom die teks destyds geskryf is, en in die lig van wat die teks vir sy eerste hoorders/lesers beteken het, hoe lees ons dit vandag, wat beteken dit vandag vir ons, wat doen dit aan ons, hoe word ons lewens (600 jaar later!) daardeur verander en gerig?

6.3 AS SAKRAMENTELE TEKS.

Soos in die tyd van Guido de Bres Artikel 12 die geloof in God as skepper van alle dinge wil bely, beaam ons hierdie belydenis met oortuiging ook in ons tyd. Net soos wat met Genesis 1-2 nie die bedoeling is om 'n ooggetuie verslag in die moderne sin van die woord van die ontstaan van die hemel en die aarde weer te gee nie, maar 'n geloof in die Skepper-god deur wie alle dinge ontstaan het, so wil Artikel 12 dieselfde oortuiging stel en bely. En net soos wat Gen 3 die werklikheid van die ongehoorsaamheid en sonde en die ontstaan van die ellende in die wêreld wil verwoord, wil Artikel 12 dieselfde doen in terme van die kennis en taal van die tyd van die 15de/16de eeu.

Om dus hierdie artikel as sakramentele teks te lees, beteken om verder te gaan as die beperkinge van taal: daar is meer in die belydenis as maar net die woorde wat daar staan. Agter hierdie belydenis is 'n geloofsoortuiging wat die beperkinge van woorde en sinne oorstyg en aan ons die seker wete bely van God wat groter as alles is en uiteindelik ook die mag en destruktiewe aard van die bose wil bestry.

Die kerk het vandag steeds die opdrag en verantwoordelikheid om teen alle vorme van boosheid en dit wel in al sy gestaltes in opstand kom en die kwaad daadwerklik aan die kaak stel. Dit is kragtens Artikel 12 ons roeping: *Die duiwels en bose geeste het so ontaard dat hulle vyande van God is sowel as van alles wat goed is. Soos moordenaars loer hulle op die kerk—ook op elke lidmaat—om dit met alle mag in die verderf te stort en om alles deur hulle bedrieëry te verwoes.*

Hierteenoor is God tot beskikking van die gelowiges wat hierdie oortuigings bely en daarvolgens lewe: *Hy onderhou en regeer hulle almal nou nog deur sy ewige voorsienigheid en oneindige krag om die mens te dien, sodat die mens sy God kan dien; en Hy het ook die engele goed geskep om sy boodskappers te wees en sy uitverkorenes te dien.*

BESPREKINGSVRAE

Belangrik: Met verwysing na die openingssin van hierdie hoofstuk oor die Belydenisskrifte, word hier ook 'n ander voorbeeld (wel nie inhoudelik met volle instemming van ATLAS nie) van 'n vertolking van Artikel 12, as 'n meer tradisioneel-konvensionele benadering aangebied in **BYLAAG 5**.

Vorbereiding:

1. Maak fotostate van die teks van Artikel 12 van NGB.
2. Sorg dat elkeen 'n pen of potlood het.
3. Beklemtoon weer die feit dat ons die teks **literêr** en **histories** gaan benader.
4. Onthou ook dat in die ontstaan van die teks, sowel as in die lees en bestudering daarvan, die Gees van God in elke betrokke "gewerk" het – of aanwesig was/is, soos hy vandag ook in ons wat die teks lees en in ons tyd ooreenkomstig sy Woord (wil) lewe teenwoordig is en ons lei. Ons benader dus die teks vanuit 'n geloofshoek, dat dit die deel is van die kerk se getuieis van haar "ontwyfelbare Christelike geloof".

Die Gesprek:

1. Laat die deelnemers hulle oë oor die teks van Artikel 12 gaan. Maak 'n lysie van wat die teks onderskeidelik oor God, oor die mens, oor engele en oor die bose sê.
2. Laat die groep kyk of bespreek hoeveel van die dinge wat in hierdie artikel oor engele en die bose gesê word, inderdaad so in die Bybel gevind kan word.
3. Bespreek onderling met mekaar : Wanneer ons met ons hedendaagse (wetenskaplike) kennis rondom ons kyk, hoe help Artikel 12 ons om steeds met vaste oortuiging ons geloof te bely in die God wat: die wêreld geskep het, steeds onderhou en regeer.
4. Deel met mekaar wat die boodskap in die lig van die historiese en literêre konteks van die gedeelte moontlik vir die mense van destyds kon beteken het?
5. Bespreek onder mekaar: Wat sou die sakramentele (spirituele/teologiese) betekenis van Artikel 12 vir ons wat dit as deel van ons belydenisgrondslag aanvaar, vandag wees?